

TIPERING, STEREOTIPERING EN DESTEREOTIPERING IN 'N KORTVERHAAL

'n ontleding van die Jona-vertelling

deur

A P B Breytenbach

Navorsingsessay voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H J Pieterse

Oktober 2014

Inhoudsopgawe

Samevatting	78
Abstract	78
1. Inleiding	79
1.1 Inleiding	79
1.2 Navorsingsvrae	80
2. Tipering, stereotipering en destereotipering – ’n kort oorsig	80
3. Die boek Nahum as moontlike stimulus vir stereotipering	82
3.1 Ter oriëntering	82
3.2 Die teksaanbod	83
3.3 Die verstaanskonteks van die gedig van Nahum	84
3.4 Tipering en stereotipering in die gedig van Nahum	86
3.4.1 JHWH	86
3.4.2 Nineve	87
3.4.3 Die koning van Nineve	88
3.4.5 Ander karakters	89
4. Jona	89
4.1 Die boek Jona as kortverhaal	89
4.2 Die boek Jona se plek in die Joodse kanon	90
4.3 Datering en agtergrond van die boek Jona	90
4.4 Die teksaanbod	91
4.5 Tipering en stereotipering in die tyd van die boek se ontstaan	92
4.5.1 Nineve	92
4.5.2 JHWH	93
4.5.3 Profete	94
4.5.4 Die keuse van die profeet Jona as karakter in die vertelling	95
4.6 Tipiese en a-tipiese optrede in die verhaal van Jona	96
5. Tipering en die afbreek van stereotipes in die Jona-verhaal	101
5.1 Nineve, haar inwoners en koning	101
5.2 Jona en JHWH	101
5.3 Ten slotte	102
Literatuurlys	103
Bylae A (Jona)	106
Bylae B (Nahum)	110

Samevatting

Tipering, stereotipering en destereotipering in 'n kortverhaal; 'n ontleding van die Jona-vertelling

In hierdie navorsingsessay word die rol wat tipering, stereotipering en destereotipering speel in 'n kortverhaal, nagegaan aan die hand van die Jona-vertelling. Ná 'n kort bespreking word 'n werksdefinisie van tipering, stereotipering en destereotipering aangebied. Die boek Nahum word daarna ontleed aangesien die gedig van Nahum beskou kan word as 'n interteks van die Jona-vertelling. Die tipering van JHWH, Nineve en die koning van Nineve word nagegaan. Dit dien as agtergrond vir 'n ontleding van die tipiese en a-tipiese optrede van die karakters in die Jona-verhaal. Die slotsom waartoe gekom word, is dat die outeur van Jona, deur die a-tipiese optrede van die karakters, daarin slaag om die koning en inwoners van Nineve te destereotipeer. Op dieselfde wyse word die leser van die verhaal deur die a-tipiese optrede van die karakter JHWH oortuig dat hy nie altyd tot voordeel van Israel en Juda optree en hulle vyande vernietig nie.

Abstract

Typification, stereotyping and destereotyping in a short story; an analysis of the story of Jonah.

The aim of this essay is to investigate the part which typification, stereotyping and destereotyping can play in a short story. A definition of typification, stereotyping and destereotyping is offered after a brief discussion. Based on the conviction that the book of Nahum can be read as an intertext of the Jonah story, the stereotyped portrayal of Yahweh, Nineveh and the king of Nineveh in the poem of Nahum is analysed. This serves as the background against which the typical and a-typical conduct of the characters in the Jonah story is investigated by way of close reading. The conclusion arrived at, is that the author of the Jonah story succeeded in destereotyping the king and inhabitants of Nineveh by letting them act in an a-typical manner. In the same way the a-typical conduct of the character Yahweh leads the reader to question the stereotyped idea that Yahweh always supports Israel and Judah and destroys their enemies.

Tipering, stereotipering en destereotipering in 'n kortverhaal --

'n ontleding van die Jona-vertelling

1. Inleiding

1.1 Terreinverkenning

Die doel van hierdie essay is om die rol wat tipering, stereotipering en destereotipering in 'n kortverhaal kan speel, na te gaan. Vir hierdie studie het die keuse geval op die kortverhaal oor Jona in die Ou Testament.

Hierdie kort boek word al vir duisende jare bestudeer. Die geweldige hoeveelheid navorsing wat beskikbaar is,² is oorwegend eksegeties en teologies van aard, waar die vertrekpunt telkens is dat dié boek deel is van die Heilige Skrif. Die verhaal van Jona is egter ook vanuit 'n literêre hoek nagevors (bv deur Magonet 1976; Vanoni 1978; Witzernath 1978; Gerhards 2006). 'n Goeie voorbeeld van 'n literêre benadering is die werk van Potgieter (1991) wat aan die hand van Gérard Genette se model vir die ontleding van narratiewe tekste, die boek narratologies ondersoek het. Lux (1994) slaan egter 'n nuwe rigting in wanneer hy, in aansluiting by Christof Hardmeier se werk, die boek Jona ontleed aan die hand van wat hy "Erzähltextanalyse"³ noem en waarin "kommunikativen Handlungsspiels"⁴ 'n belangrike aspek is (Lux 1994:57-59).⁵

Die boek Jona is wel, so ver vasgestel kon word, nog nie vanuit die literêre perspektief tipering, stereotipering en destereotipering ondersoek nie. Die insigte en metodes van die literatuurwetenskap kan uit verskillende hoeke sonder enige twyfel 'n wesenlike bydrae maak tot die verstaan van tekste in die Ou Testament. Dit word onder andere geïllustreer deur 'n studie oor verteltekste in die Ou Testament wat skrywer hiervan onderneem het (Breytenbach, 1997).

Onder navorsers is daar uiteenlopende menings oor die genre van die boek Jona. Potgieter (1991: 2-3) dui aan dat die vertelling oor Jona al geklassifiseer is as geskiedskrywing, profesie, profetiese legende, volksverhaal, voorbeeld-vertelling, *midrash* (die tradisionele Joodse metode van eksegeese), allegorie, gelykenis, satire, parodie en novelle. Die vraag is

² In 1978 het Van der Woude (1978:143-146) reeds 53 kommentare en 57 wetenskaplike monografieë en tydskrifartikels waarin die boek Jona aan die orde is, gelys. Sedertdien het daar talle meer verskyn. 'n Omvattende lys van die belangrikste publikasies bied Lux (1994: 214-228) onder *Literaturverzeichnis*.

³ 'Verteltekstanalise.' Duitse aanhalings word vry vertaal deur die outeur van die essay en telkens in voetnote geplaas.

⁴ "kommunikatiewe handelingspel".

⁵ Vir die doel van hierdie studie is 'n beoordeling van die verskillende metodes nie belangrik nie.

dan of die vertelling ook gelees kan word as 'n kortverhaal waarin tipering, stereotipering en die afbreek van stereotipes 'n rol speel.

Dit is vanselfsprekend nie so eenvoudig om te bepaal wat die stereotipes was wat meer as twee duisend jaar gelede gegeld het in 'n bepaalde samelewing nie. In die geval van die Jona-vertelling is die enigste moontlike bron vir die bepaling daarvan die literatuur wat bestaan het en waarskynlik beskikbaar was in die tyd toe die vertelling ontstaan het. Profeteboeke is in hierdie opsig veral van belang. Naas afleidings wat uit die boek Jeremia gemaak kan word oor die sogenaamde heilsprofete, is die boek Nahum 'n belangrike bron, aangesien een van die hoofkarakters in die boek Jona, naamlik JHWH,⁶ en ook die belangrikste vertelruimte, naamlik die wêreldstad Nineve, prominent figureer in die boek Nahum. Verder is die boeke Jona en Nahum albei afgeronde literêre eenhede waarin daar ooglopende verskille is in die optrede van JHWH, en in die beeld wat van die wêreldstad Nineve en die koning van Nineve, in die twee boeke geskep word.

1.2 Navorsingsvrae

Die navorsing word soos volg ontplooi: In die eerste plek word 'n werkdefinisie vir stereotipering, tipering en destereotipering gebied. Daarna kom die boek Nahum aan die bod, omdat die navorsing getoon het dat die gedig van Nahum as interteks van die verhaal van Jona gelees kan word. Die gedig van Nahum is veral belangrik wat die tipering van die belangrikste figure betref, dit wil sê JHWH, Nineve en die koning van Nineve. Die ideologies-politieke beelding waarin die wêreldstad Nineve en die koning van die grootstaat Assirië 'n belangrike rol speel, bied toegang tot die oortuigings van mense wat Nineve beskou het as simbool van onreg. Die vraag wat in dié verband gestel word, is: Hoe word JHWH, Nineve, die koning van Nineve en die inwoners uitgebeeld in die boek Nahum? Die resultate van hierdie ondersoek dien dan as agtergrond vir die fokuspunt van die essay, naamlik tipering, stereotipering en destereotipering in die verhaal oor Jona.

Die primêre vraag in die essay is: Hoe funksioneer tipering en stereotipering in die boek Jona? Deur *close reading* word veral aandag gegee aan die tipiese en a-tipiese optrede van die belangrikste karakters in die vertelling. 'n Samevatting van die navorsingsresultaat word aan die einde gebied.

2. Tipering, stereotipering en destereotipering – 'n kort oorsig

Kruger (2004:313-323) is van mening dat stereotipering so oud soos die mensdom is. Stereotipering is egter die eerste keer omvattend beskryf deur W Lippmann (1922:79-103) wat onder andere die volgende oor stereotipes sê (Lippmann 1922:95):

They are an ordered, more or less consistent picture of the world, to which our habits, our tastes, our capacities, our comforts and our hopes have adjusted

⁶ JHWH is die eienaam van God in die Ou Testament. Uit eerbied vir hom en na aanleiding van die Tien Gebooie, wat die ydelike gebruik van God se naam verbied, spreek die Jode die naam nie uit nie, maar lees hulle waar die naam voorkom, telkens "die Naam" of "my Heer".

themselves. They may not be a complete picture of the world, but they are a picture of a possible world to which we are adapted. In that world people and things have their well-known places, and do certain expected things.

Volgens Lippmann speel stereotypes dus 'n belangrike rol in die wyse waarop die mens hom oriënteer in sy wêreld. Stereotypes maak dit moontlik om mense en sake in kategorieë te plaas. Omdat hierdie “picture of a possible world to which we are adapted” die waarnemer se wêreld is, sien hy nie maklik af van sy stereotypes nie. Lippmann (1922:95-96) stel dit só:

No wonder, then, that any disturbance of the stereotypes seems like an attack upon the foundations of the universe. It is an attack upon the foundations of *our* universe, and where big things are at stake, we do not readily admit that there is any distinction between our universe and the universe. ... A pattern of stereotypes is not neutral. ... It is the guarantee of our self-respect; it is the projection upon the world of our own sense of our own value, our own position and our own rights.

Die uiteensetting en standpunt van Lippmann is wyd aanvaar deur akademici en het ook wye toepassing gevind in verskillende dissiplines van die geesteswetenskappe. Dit het veral 'n rol begin speel in die ontleding van etniese en rassekonflik. So vind Lippmann se standpunt oor stereotypes byvoorbeeld weerklank in die definisie van die Oxford Dictionary of Psychology (Colman 2009:730): “[It is] a relatively fixed and oversimplified generalisation about a group or class of people, usually focusing on negative or unfavourable characteristics.” Dan word verder gestel: “However, without stereotypes we may find the social world a lot harder to perceive and understand. We rely on stereotypes to help us function in society. With such a diverse population, the environment we live in could be very confusing.” In aansluiting by die werk van Miller⁷ definieer Kruger 'n stereotype soos volg: “'n Stereotipe is 'n betreklik rigiede en oorvereenvoudigde of bevooroordeelde voorstelling of opvatting oor 'n aspek van die werklikheid, veral met betrekking tot mense of sosiale groepe.”

Dit word ook gou duidelik dat die definisie van stereotypes / stereotipering van vakgebied tot vakgebied verskil. Die inligting oor *stereotype* wat op Wikipedia⁸ gebied word, stel dit duidelik:

In social psychology, a **stereotype** is a thought that can be adopted about specific types of individuals or certain ways of doing things. These thoughts or beliefs may or may not accurately reflect reality. However, this is only a fundamental psychological definition of a stereotype. Within psychology and spanning across other disciplines, there are different conceptualizations and theories of stereotyping that provide their own expanded definition. Some of these definitions share commonalities, though each one may also harbor unique aspects that may contradict the others.

In woordeboeke is die definisies meer algemeen. In die Oxford English Dictionary (1989:651) word *stereotyping* omskryf as “A preconceived and oversimplified idea of the

⁷ Miller, A G (ed.) 1982. *In the Eye of the Beholder*. New York: Praeger.

⁸ https://www.google.co.za/?gws_rd=ssl#q=stereotyping+definition. Besoek op 2014/10/23.

characteristics which typify a person, situation, etc.; an attitude based on such a preconception.” Hiervolgens is dit dus ’n vaste en ooreenvoudige beeld van ’n persoon of saak. Hattingh (1996:158) bring ’n belangrike perspektief by wanneer sy, in aansluiting by Husemann, die volgende stel:

Die produksie van stereotipes hou ten nouste verband met kulturele sisteme wat bestaan uit 'n nasie se kollektiewe geheue, intellektuele tradisies, waardestelsels en politieke en sosiale ordenings Die kulturele sisteem bind 'n groep mense saam en verskaf legitimering vir hul idees, konsepte en interpretasies, asook hul selfbewussyn en verhouding tot ander gemeenskappe.

Met hierdie gegewens as vertrekpunt en met die oog op die ondersoek wat tans gedoen word, kan die volgende werkdefinisie van *stereotipering* geformuleer word: *Stereotipering* is ’n redelik vaste en vereenvoudigde beeld wat geskep word van ’n tipe persoon, groep persone of sake en wat fokus op die negatiewe en ongunstige eienskappe. Die kollektiewe geheue, intellektuele tradisies en waardestelsels van ’n groep speel ’n beslissende rol in die skep van stereotipes. Stereotipering funksioneer onder andere as ’n wyse van oriëntering binne ’n bepaalde leefwêreld, en ook om aansprake te legitimeer.

Tipering hang ten nouste daarmee saam. Alhoewel dit verskil, kan dit ’n eerste stap wees in die rigting van stereotipering. *Tipering* kan soos volg gedefinieer word:⁹

Typification is typical social construction based on standard assumptions. ... In the process of typification we form a construct of a typical way of acting, assume typical underlying motivations or personality. For example, we make prior assumptions about the personalities and behavior of a doctor, priest or judge.

In ’n kortverhaal is tipering van wesenlike belang. Tipering is deel van die leefwêreld van die veronderstelde lesers en dit bied aan die outeur verskillende moontlikhede om spanning te skep, onder andere deur sy karakters tipies of a-tipies te laat optree.

Vir die doel van hierdie studie word die volgende onderskeid gemaak tussen *stereotipering* en *tipering* (*typification*): Terwyl *stereotipering* ’n redelik vaste en meestal negatiewe persepsie van persone of sake is, lê die klem in *tipering* meer op die aannames wat gemaak word oor die verwagte optrede van ’n persoon of groep persone.

Destereotipering behels die afbreek van stereotipes. Dit kan op verskillende maniere gedoen word. In ’n kortverhaal kan al die kommunikatiewe elemente soos karakterisering, tyd en ruimte daarvoor ingespan word. Die intertekstuele wêreld van ’n kortverhaal is egter die belangrikste aspek wanneer dit gaan oor die afbreek van stereotipes. Met ander woorde, met watter vaste en vereenvoudigde (meestal negatiewe) beelde van persone of sake tree die outeur in gesprek deur sy vertelling?

⁹ *Sociologyindex*.s.a. Typification [Internet] <http://www.sociologyindex.com/typification.htm>. Besoek op 2014.10.23.

3. Die boek Nahum as moontlike stimulus vir stereotipering

3.1 Ter oriëntering

Die boek Nahum is oorspronklik in Hebreeus geskryf. Die skrywer van die boek is onbekend, behalwe vir die verwysing in die opskrif na sy naam en sy verbintenis met die dorpie Elkos in Noord-Galilea. Wat ons wel uit die boek kan aflei, is dat die outeur 'n besonder begaafde digter was.

Die boek het tussen 663 en 612 vC ontstaan. Die verwysing na die verowering van Thebe, die Egiptiese hoofstad (in hoofstuk 3:8 No-Amon genoem), wat plaasgevind het in 663 vC, bied die *terminus a quo* vir die ontstaansdatum; terwyl die val van Nineve in 612 vC die *terminus ad quem* is. Pogings om die boek vroeër of later te dateer, is nie oortuigend nie. Van der Woude (1978:67) stel 'n datum nader aan 650 vC voor, op grond daarvan dat alles in die boek Nahum daarop dui dat die Assiriese ryk nog in volle beheer is voor die eerste opstande wat uiteindelik tot die val van hierdie wêreldryk gelei het.

3.2 Die teksaanbod¹⁰

Met uitsondering van die opskrif (1:1), is die hele boek 'n gedig wat in drie dele verdeel kan word (1:2-15; 2:1-13 en 3:1-19¹¹). Die eerste deel van die gedig is 'n akrostigon waarin die verse opeenvolgend begin met die eerste tien letters van die Hebreeuse alfabet. Die tipiese kenmerke van Hebreeuse poësie, naamlik ritme en parallelisme, kom deurgaans in die boek voor. 'n Goeie voorbeeld van sinonieme parallelisme kom na vore in 1:4a:¹²

Hy berispe die see en laat dit opdroog;
al die riviere laat Hy wegdroog.

'n Voorbeeld van antitetiese parallelisme kom voor in 2:8:

Nineve was op haar dag soos 'n waterdam,
maar nou stroom dit weg!
“Bly staan! Bly staan!”
Maar niemand draai om nie.

'n Voorbeeld van aanvullende parallelisme bied 1:6b:

Wanneer sy drif uitbars soos vuur,
spat rotse voor Hom uiteen.

¹⁰ Vgl Bylae B

¹¹ Die versindeling van die Afrikaanse Bybelvertalings word hier gevolg. Dit verskil op bepaalde punte van die Hebreeuse versindeling.

¹² Die aanhalings kom, tensy anders aangedui, uit die ongepubliseerde teks van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*. Dit geskied met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die gedig lewer 'n ryke skat van vergelykings en metafore. 'n Goeie voorbeeld van laasgenoemde is die leeu-metafoor waarmee die grypsug van die Assiriese koning beskryf word in 2:11 tot 12:

Waar is die lêplek van die leeuwyfies,
die vreetplek van die jong leeus,
die plek waar die leeu, die maanhaar, rondgeloop het,
waar 'n leeu tuis was sonder dat iemand hom skrikmaak?
Ja, waar is die leeu
wat genoeg verskeur het vir sy welpies,
doodgewurg het vir sy wyfies?
Hy het sy blyplekke gevul met buit,
sy lêplekke met verskeurde prooi.

Die Hebreeuse teks bied ruim voorbeelde van klankspel (1:6b, 11; 2:2b, 6, 9; 3:7) en alliterasie (1:10; 2:3, 11), aspekte wat vanselfsprekend nie in 'n vertaling weergegee kan word nie. Verskillende genres soos 'n epifaniebeskrywing (1:2-8), heilspesiesie (1:12-13; 2:1-3), 'n wee-uitspraak (3:1), 'n spotlied (2:12-13; 3:7; 3:18-19), oordeelsaankondiging (1:14; 3:8vv) en 'n lykdig (3:18-19), kan onderskei word. Die staccato-styl in 2:1, 9-10 en 3:2-3 is besonder effektief wanneer die aanval op die stad beskryf word. Die gebruik van uitgestelde identifikasie vir die stad Nineve (1:8) dra ook by tot die spanning in die teks.

Die Hebreeuse teks van Nahum is goed oorgelewer. Slegs in enkele gevalle is daar onsekerheid oor die betekenis van die teks, maar van die oudste vertalings kan in daardie gevalle gevolg word. In Nahum 1:10-12 is daar vraagtekens oor die Masoretiese¹³ leestradisie van die teks, en pas 'n veranderde vokalisering beter in die konteks.

3.3 Die verstaanskonteks van die gedig van Nahum

Daar word redelik algemeen aanvaar dat die profeet Nahum een van die sogenaamde Judese heilprofete was. Perlitt (2004:2-3) ondersteun byvoorbeeld hierdie standpunt. Van der Woude (1978:69-74) voer egter op goeie gronde aan dat Nahum na alle waarskynlikheid 'n afstammeling was van die Israeliete wat in 721 vC in ballingskap weggevoer is na Assirië. Hy grond sy standpunt onder andere op die volgende argumente:

- a.) Hieronymus se verklaring dat Elkos, waar Nahum of sy voorouers vandaan kom, in Galilea geleë is;
- b.) die relatief groot aantal Assiriese leenwoorde in die boek;
- c.) die aankondiging dat die ballinge van die tien stamme van Israel sal terugkeer na hulle land (1:15- 2:2);
- d.) die feit dat Jerusalem in Juda nie ter sprake kom nie, maar dat plekname uit die gebied van Israel wel genoem word (1:4) en
- e.) die outeur se kennis van die Assiriese hoofstad Nineve.

¹³ Die Masorete was Middeleeuse Joodse geleerdes wat hulle besig gehou het met die vokalisasie en kopiëring van die Hebreeuse teks van die Ou Testament.

Van der Woude kom tot die gevolgtrekking dat die outeur van Nahum sy gedig in briefvorm uit Nineve na die inwoners van Juda gestuur het om hulle te verseker van die toekomstige inname van Nineve en die val van die Assiriese ryk.

Vir hierdie studie is die vraag of Nahum 'n Judese heilsprofeet was, soos wat die meeste kommentatore klaarblyklik aanvaar, en of hy in Assirië gevestig was, van belang. Van der Woude (1978:75) stel die saak soos volg:

Voor vele verklaarders lijkt hij [dws Nahum] het zorgenkind onder de canonieke Schriftprofeten te zijn. Hij is gekarakteriseerd als 'a representative of the old, narrow and shallow prophetism' en beschouwd als voorloper van de valse profeten die Jeremia teenover zich vond. In plaats van te lijden onder de zonden van zijn volk zou Nahum het zijn voorgegaan in een nationalistische jubel over de komende ondergang van het assyrische rijk. Naar onze overtuiging is dit een grove vertekening van de prediking van Nahum, al zal dit beeld in de hand gewerkt zijn door de ruime plaats die de beschrijving van Ninevé's ondergang in zijn boek inneemt en door de gedachte dat Nahum ten tijde van Manasse als profeet *in Juda* is opgetreden. De waardering van zijn boodschap wijzigt zich radicaal, wanneer wij Nahum beschouwen als balling in Assirië. De hem ten deel gevallen openbaring wil een troost zijn voor het door bruto geweld gekweld en in zijn geloof aangevochten volk van Juda.

Van der Woude moet gelyk gegee word. Dit beteken egter nie dat die boek nie later as stimulus kon dien vir die stereotipering wat onder andere deur die sogenaamde heilsprofete verwoord is nie. Dit is 'n voldonge feit dat die verstaan van 'n literêre werk nie altyd ooreenkom met die bedoeling van die outeur nie. Die konteks waarin literatuur gelees word, speel onteenseglik 'n rol by die interpretasie daarvan. 'n Teks is immers betekenisloos "totdat die leser betekenis daaraan toeken" (Hambidge 1992a:67). Onder nuwe omstandighede kan 'n gedig soos dié van Nahum met nuwe betekenis gevul word en as begroning dien vir 'n ander standpunt as wat die digter daarmee in gedagte gehad het.

Die val van Nineve in 612 vC het beslis daartoe gelei dat die gedig van Nahum as outentieke godswoord gegeld het. Dit het 'n geskrif met goddelike gesag geword. Omdat die rol van Nineve, as voorste vyand van Juda, oorgeneem is deur die Neo-Babiloniese ryk, is dit begryplik dat hierdie gesagvolle gedig 'n rol sou speel in die siening oor JHWH se optrede teenoor die vyande van sy volk, oor Juda as die godsvolk en oor enige mag wat Juda sou bedreig. Die gedig bevat immers byna al die elemente wat na vore kom in die sogenaamde heilsprofete se konstante siening oor JHWH, Juda en dié se vyande. Die afleidings wat byvoorbeeld uit boeke soos 1 en 2 Konings en Jeremia gemaak kan word oor die heilsprofete, is dat hulle oortuig was dat Jerusalem oninneembaar is, dat die volk Juda en die stad Jerusalem se vyande ook JHWH se vyande is, en dat Hy daardie vyande sal vernietig en so sy volk sal beskerm.

Hierdie tipering van JHWH, naamlik sy vaste verbintenis met die volk Juda en Jerusalem, en sy oordeel oor hulle vyande, het 'n lang aanloop gehad. Die oortuiging dat Jerusalem

oninneembaar was, hang saam met die *teologoumenon*¹⁴ dat die tempel in Jerusalem die woonplek van JHWH was (vgl bv Psalm 48). Hierdie oortuiging is versterk deur die legende wat ontstaan het nadat Sanherib onverwags sy beleëringsmag aan Jerusalem onttrek het in 701 vC (vgl Jesaja 37:36-38). Die versekering vooraf deur die profeet Jesaja dat die Assiriese mag nie Jerusalem sou inneem nie (Jesaja 37:5-7, 21-35), het die profeet Jesaja en ná hom waarskynlik ook ander profete wat heil voorspel het vir Jerusalem en die volk Juda, se aansien dramaties verhoog. Die impak wat hierdie gebeure gehad het op die psige van die Judese bevolking en die inwoners van Jerusalem, word onderstreep deur die feit dat hierdie legendariese gebeure in drie tekste van die Ou Testament neerslag gevind het, naamlik 2 Konings 18:13 tot 19:37; 2 Kronieke 32:1 tot 19 en Jesaja 36:1 tot 37:38. Die oortuiging dat JHWH die vyande van Juda oordeel, was beslis goed gevestig teen die tyd dat Nahum se gedig bekend geword het.

Dit is ook nie toevallig nie dat die sogenaamde heilspofete juis in die tyd van Jeremia, veral tussen 596 tot 587 vC, sterk na vore getree het.¹⁵ Die val van Nineve in 612 vC, waarmee Nahum se woorde gelegitimeer is as ware godswoord, het klaarblyklik nuwe stukrag gegee aan profete wat verkondig het dat JHWH sy volk se vyande vernietig.

3.4 Tipering¹⁶ en stereotipering in die gedig van Nahum

3.4.1 JHWH

JHWH is die hoofkarakter in die gedig van Nahum. Die gedig begin trouens met 'n beskrywing van JHWH. Hy is 'n besitlike God wat hom wreek, wat hom met woede wreek op sy vyande en ook 'n wrok koester teen hulle (vgl 1:2). In 1:3a is daar 'n belangrike stelling. Die eerste woorde sluit aan by wat later as 'n vaste formule, as 'n soort belydenis van Israel getipeer kan word. Die volle belydenis word in Eksodus 34:6 in die mond van JHWH gelê as 'n selfbeskrywing [eie vertaling]:

JHWH is 'n barmhartige en genadige God,
geduldig,¹⁷ vol troue liefde en waarheid;
(’n God) wat troue liefde handhaaf vir duisende,
wat skuld en oortreding vergewe;
maar wat niks ongestraf laat nie
(en) wat vir die skuld van ouers

¹⁴ Hiermee word bedoel “A theological doctrine or statement which, though it sheds light on the connection between different dogmas or theological pronouncements, neither represents a revealed truth nor admits of historical verification”; vgl Deist (1984:172).

¹⁵ Vgl in hierdie verband bv Jer 28:1-17; asook Van Selms 1974:83-84.

¹⁶ Met tipering word telkens bedoel “[a] typical social construction based on standard assumptions”.

¹⁷ Die Hebreeuse woorde wat met ‘geduldig’ weergegee word, kan gearafraseer word ‘neem lank om kwaad te word’.

kinders en kleinkinders laat boet,
(ook) die derde en vierde geslag.

Hierdie belydenis kom in verskillende vorms, soms slegs gedeeltelik, ook voor in Numeri 14:18; Nehemia 9:17; Psalm 86:15; 103:8; Joël 2:13 en Jona 4:2. Dit is duidelik dat die teks in Eksodus 34:6 op die oog af 'n teësprak bevat, veral in die reëls “wat skuld en oortreding vergewe; maar wat niks ongestraf laat nie en wat vir die skuld van ouers, kinders en kleinkinders laat boet.” Van der Woude (1978:95) skryf soos volg oor hierdie klaarblyklike teenstrydigheid wat ook in Nahum op die agtergrond is: “Bij de *levende* God zullen wij zijn toorn én zijn verzoenende en vergevende liefde nooit in een gesloten systeem inzichtelijk kunnen maken.” Dit is ongetwyfeld waar, maar dit bied ook die moontlikheid om op slegs een van die twee teenoorstaande pole te fokus.

In die geval van Nahum is dit opvallend dat die stelling “JHWH ... is geduldig”, nie gevolg word deur “vol troue liefde” nie, maar deur die woorde “geweldig sterk” en “laat beslis nie ongestraf nie”. Die begin van die gedig tipeer JHWH dus as 'n wraakgierige wat geduldig is, dus lank neem om kwaad te word, maar nie ongestraf laat nie. In 1:3b tot 6 volg daar 'n epifaniebeskrywing wat klaarblyklik ten doel het om die woorde “geweldig sterk” in 1:3a, te onderbou. Opvallend is die woorde “toorn, woede, drif” wat aan JHWH toegedig word.

Nahum 1:7 en 8 weerspieël iets van die barmhartigheid en genade wat prominent is in die belydenis in Eksodus, maar dit word gereserveer vir hulle wat by JHWH skuil. Dit word onmiddellik opgevolg met 'n uitspraak oor die vernietiging van die stad, wat later blyk Nineve te wees, en die agtervolging van sy vyande “tot in die duisternis”. In 1:9 word die vernietiging wat JHWH aanrig, verder geïntensiveer met die woorde “volslae vernietiging”.

Die Hebreëus van 1:10 tot 12a lewer verskillende tekskritiese en verstaansprobleme op. Daarin word egter nie iets nuuts oor die karakter JHWH gesê nie.

In 1:12b tot 13 word, deur uitgestelde identifikasie, vir Juda bevryding deur JHWH aangekondig. Met die beeld van 'n juk en stroppe wat gebreek word, word die beëindiging van die Assiriese koning se mag oor Juda voorspel. Vers 14 en 15 brei daarop uit deur na die verwagte vernietiging van die Assiriese heerser se afgode deur JHWH, die dood van die Assiriese heerser, en die volkome bevryding van Juda, te verwys.

Volgens hoofstuk 2 gaan JHWH die tien stamme van Israel wat deur Assirië vertrap en weggevoer is in ballingskap, weer herstel tot die glorie van vervloë jare (vs 2). Die magte wat Nineve aanval staan onder die bevel van JHWH. Hulle is “sy helde” (vers 3), en Hy vernietig die strydswag wat die Assiriese hoofstad moet verdedig (vers 13). In vers 13 word Nineve tot die stryd uitgedaag, maar die tipering van JHWH as “Heerser oor alle magte” bepaal reeds die uitslag.

Hierdie uitdaging word in 3:5 herhaal in dié deel van die gedig waar Nineve as 'n prostituut voorgestel word. JHWH sal haar naaktheid ontbloom (dit was die straf vir hoerery), haar met minagting behandel en só verneder dat niemand met haar meevoel sal hê nie.

In die gedig van Nahum word JHWH dus getipeer as wraakgierig, geweldig sterk, 'n vernietiger van sy vyande, veral van die wêreldstad Nineve en die Assiriese koning; en 'n God wie se geduld en goeie gesindheid vir Juda en die tien stamme van Israel gereserveer is.

3.4.2 Nineve

Nineve, die hoofstad van die Assiriese wêreldryk, word in die opskrif van die boek (1:1) genoem en in 1:8 die eerste keer op die toneel gebring. Hier word in Hebreeus bloot na “haar plek” verwys. Stede is in Hebreeus vroulik, en dit bied die moontlikheid om die stad te personifieer as 'n vrou. “Haar plek” staan volgens 1:8 algehele vernietiging in die gesig. Die stad word ten nouste geassosieer met die vyande van JHWH (1:8).

In die tweede deel van die gedig word die aanval op Nineve deur 'n vyandelike mag beskryf. Die beeld wat geskep word is dié van 'n stad wat, nie teenstaande die verdedigingswerke en alle maatreëls om die stad te beveilig (2:1,5,6), weerloos is teen die vyandelike inval. Ná die plundering van alles wat kosbaar is, is die gepaste woorde om die stad mee te beskryf “verlatenheid, verwoesting, woesteny” (2:9,10).

In die derde deel van die gedig word die vernietiging van Nineve gemotiveer met die verwysing na die bloedskuld wat op haar rus as gevolg van die bedrog en rooftogte wat haar verhouding met ander volke en stede gekenmerk het (3:1). Die stad word gepersonifieer as die groot hoer en “die aanvallige meesteres van hekserij”. Die diplomatie van die hoofstad word as “hoerery” en “hekserij” beskryf, waarmee hierdie aanvallige vrou nasies om die bos gelei en daarna verkoop het (3:4). Hierdie skone, sluwe dame sal egter die straf vir hoerery ondergaan: Haar skaamdele word in die openbaar vertoon en daar word vullis op haar uitgegooi (3:5,6). Die weerloosheid van Nineve teen die vyandelike magte, nie teenstaande alle voorsorgmaatreëls, word ook in hierdie deel van die gedig beklemtoon. Woorde soos “verwoes, ballingskap, verteer, afmaai” beskryf die toekomstige lot van die stad (3:7,10,13,15).

3.4.3 Die koning van Nineve

Die Assiriese koning, wat in die Assiriese annale bekend gestaan het as “die grootkoning”, word in die eerste deel van die gedig “onbenullig” genoem (1:14). In die tweede deel van die gedig word hy met die metafoer van 'n leumannetjie beskryf. Die gebruik van retoriese vrae in 2:11 en 12 suggereer dat die lêplek van die leumannetjie, sy wyfies en welpies verlate is. Die tipiese optrede van hierdie leeu was “verskeur, doodwurg, vul met verskeurde prooi”.

Die gedig eindig met reëls oor die koning wat sy totale magteloosheid beklemtoon. Die offisiere en amptenary wat die staat in stand moes hou, verkeer in 'n doodslaap (3:18a). Die soldate wat die koning en sy stad moes verdedig, het die berge in gevlug (3:18b). Die finale val van die koning is onafwendbaar. 'n Verdere verwysing na die wreedheid van die koning, sluit dan die gedig af. So word die koning van Assirië by uitstek getipeer as 'n wrede persoon wat met brute geweld homself bevoordeel het.

3.4.4 Juda en Israel

Juda tree in die gedig na vore as die vernederde wie se vryheid tog op hande is (1:12b-13). Verder is Juda die veronregte wat lei onder booswigte wat 'n vrypas het in sy gebied. Die vredesboodskappers is egter reeds op pad en Juda sal die geloftes wat in nood gemaak is, by sy feesviering kan betaal (1:15).

Israel word, soos dikwels in die Ou Testament voorgestel as 'n wingerdstok waarvan die ranke verwoes is deur “verwoesters” – klaarblyklik 'n verwysing na die wegvoering in ballingskap deur die Assiriese magte. Daar wag egter herstel op Israel.

3.4.5 Ander karakters

Ander karakters is nie prominent in die gedig nie. Daar word sleg terloops verwys na die inwoners van Nineve (1:10; 2:8), die leëraanvoerders (1:11?; 2:5; 3:18), die koningin en haar slavinne (2:7), die harem van die koning (“leeuwyfies” in 2:11,12), die koninklike gesante (2:13), gevalle soldate (3:3b), ander ongeïdentifiseerde nasies (3:4,5), inwoners van Egipte (3:8-10), handelaars en amptenare van Nineve (3:16,17), en die koning se manskappe (3:18). Al hierdie gevalle verwys na agtergrondkarakters wat die toneel help skep vir JHWH se optrede teen Nineve en sy koning.

Die aanvalsmag wat teen Nineve optrek, neem in die gedig 'n meer prominente plek in (2:3,4; 3:2-3a), maar word nie nader omskryf nie. Hulle staan slegs bekend as JHWH se helde (2:3) en as “vyande” (3:13).

4 Jona

4.1 Die boek Jona as kortverhaal

Daar is reeds aangedui dat die boek Jona onder verskillende genres geklassifiseer is deur navorsers. Daar bestaan geen twyfel daaroor dat die vertelling 'n *verhaal* is nie. Vanweë die historiese onjuisthede in die vertelling (vgl bv Jona 3:3, 6-7), kan die boek nie as geskiedskrywing geklassifiseer word nie. Dit val ook nie in die genre van profetelegende nie, aangesien dit nie die beskrywing van 'n legendariese profeet soos Elia of Elisa wat wonderwerke doen, is nie. Om dit as 'n allegorie te lees sou heeltemal te kort doen aan die kommunikatiewe elemente in die vertelling. Die afwesigheid van folkloristiese elemente dui weer daarop dat Jona nie 'n volksverhaal is nie.

Potgieter (1991:5,106-108) het onteenseglik aangetoon dat die boek Jona as 'n kortverhaal gelees kan word, *contra* Wolff (1977:60) en Loader (1987:123) wat dit as 'n novelle beskou. In aansluiting by Humphreys se onderskeid tussen 'n novelle en 'n kortverhaal, grond Potgieter sy klassifisering van Jona onder andere op die volgende:

- die *lengte* van die vertelling wat in 'n enkele kort sitting deurgelees kan word,
- die *aantal karakters* en *gebeurtenisse* wat van beperkte omvang is, en
- die *aard van die karakters* wat *openbaar* word, teenoor die *ontwikkeling* wat karakters ondergaan in 'n novelle.

Die resultate van Potgieter se narratiewe ontleding van die Jona-vertelling dui aan dat die vertelling voldoen aan die vereistes van 'n kortverhaal, dat dit naamlik 'n “Verhaal van beperkte lengte in prosavorm [is], waarin gewoonlik 'n enkele hoofidee, -indruk of -gegewe uitgewerk is, en wat gekenmerk word deur 'n strak bou, sterk konsentrasie, snelle handelingsverloop, karakteronthulling eerder as -ontwikkeling en soms 'n verrassende slot” (WAT 1984:502).

4.2 Die boek Jona se plek in die Joodse kanon

Indien die boek Jona 'n kortverhaal is, kom die vraag onvermydelik na vore waarom die versamelaars van Joodse geskrifte dit onder die groep genaamd Klein Profete geplaas het. Die enigste “profesie” in die boek is die woorde “Nog net veertig dae, dan word Nineve verwoes” (Jona 3:4b). Daar is verskillende opinies oor die rede waarom die boek by die Klein Profeteboeke ingedeel is.

Eynikel (2001:1323) stel sy standpunt soos volg: “Dat het boek essentieel gaat over (het zeer profetiese thema) bekering, is een belangrijke reden geweest om het boek Jona bij de profeten op te nemen en niet bij bv. de wijsheidsliteratuur (vgl. ook de joodse liturgie waar Jona gelezen wordt op Jom Kippoer).” Hierdie standpunt van Eynikel oortuig nie, aangesien daar in die boek, naas die (resessiewe) motief van bekering, ook ander motiewe en temas aangedui kan word.

Van der Woude (1978:9) is weer van mening dat die boek, wat in kanons met verskillende volgorde telkens ná Obadja staan, se plasing daarop dui dat die redaktor van die Klein Profete hierdie geskrif as kommentaar op die taak van die profete beskou het. Dit sou dan 'n vertelling wees wat 'n soort *midrash*, die nadenke oor die roeping van profete en oor oordeelsprofesie, verteenwoordig. Volgens Van der Woude sou die redaktor daarmee wou aandui dat oordeelsprofesie (soos in die boek Obadja) voorwaardelik is, al word dit absoluut geformuleer. Potgieter (1991:108-110) se standpunt dat die “sentrale boodskap” van die boek Jona gaan oor die vrymag van God, inkorporeer wel die verklaring van Van der Woude.

Terwyl daar nie met stellige sekerheid gesê kan word waarom die boek Jona in die Klein Profeteboek opgeneem is nie, is die volgende wel duidelik: Die Klein Profeteboeke is volgens bepaalde norme georden wat tegelyk, in wisselende mate van belang, gegeld het; naamlik langstes eerste, kortstes laaste; bekendes eerste, onbekendes laaste; oueres eerste, jongeres laaste. Daarby geld ook nog die plasingbeginsel van buitelandse-binnelands, gesien vanuit 'n Judese hoek. In die volgorde Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, tree die profete Hosea, Amos, Jona en Nahum nie in Juda op nie, maar buite Juda. Jona se verbintenis met Nineve in die vertelling, plaas hom dus onder die “buitelandse” profete.

4.3 Datering en agtergrond van die boek Jona

Om vas te stel teen watter stereotipes die outeur van ’n vertelling hom rig, is dit noodsaaklik om die tyd en heersende omstandighede waarin sy geskrif ontstaan het, so na as wat moontlik is, te bepaal. Die boek Jona was klaarblyklik reeds bekend aan Jesus ben Sirach wat sy geskrif teen ongeveer 180 vC voltooi het.¹⁸ Verder dui die gebruik van Arameïsmes in die boek daarop dat die verhaal beslis in die na-eksiliese tyd geskryf is. Volgens Van der Woude (1978:10) is uitdrukings soos “God van die hemel” en “koning en sy belangrike amptenare” ’n aanduiding dat die boek in die Persiese tyd ontstaan het. Wolff (1977) is oortuig daarvan dat die outeur van Jona die boek Joël geken het (vgl bv 3:9 en 4:2 met Joël 2:13 en 14), en daarom dateer hy die boek in die derde eeu vC. Gerhards (2006:55-65) dateer ook die boek in die derde eeu vC, en wel op grond van die taalgebruik, godsdienshistoriese oorwegings en ander gegewens in die vertelling. Gerhards is verder daarvan oortuig dat die boek in Jerusalem ontstaan het (Gerhards 2006:64), onder andere omdat “das Buch ... das Gespräch mit dortigen ‘Zentralisten’ sucht.”¹⁹

Die boek Jona bied mede vanweë sy lengte nie voldoende gegewens om tot ’n nader datering van die ontstaanstyd te kom nie. Wat wel duidelik is, is dat die meeste van die Ou-Testamentiese geskrifte reeds bekend was aan die outeur. Daarom kan die boek, wat die hooffigure, naamlik JHWH en Jona betref, gelees word teen die agtergrond van die *tipering* (*typification*) van JHWH en sy profete in van die geskrifte van die Ou Testament. Soos reeds aangedui, is veral die boek Nahum van belang as interteks en as agtergrond, aangesien JHWH en Nineve, soos in die boek Jona, van die sentrale figure in die vertelling is.

4.4 Die teksaanbod

Die teks van die boek Jona is goed oorgelewer. Dit hang onder andere daarmee saam dat dit ’n relatief jong teks is, wat minder blootgestel was aan oorskryffoute soos tekste wat honderde jare ouer is.

Die verhaal is noukeurig saamgestel en bestaan uit twee dele. Indien die optrede van Jona as maatstaf geneem word, is daar duidelike simmetrie in die vertelling (Eynikel 2001:1324). Die eerste deel verloop kortliks soos volg:

- a. Jona word na die heidene gestuur (1:1-3)
- b. Jona in konfrontasie met die heidene, wat hulle bekeer (1:4-16)
- c. Jona in konfrontasie met God: Jona se klag (2:1-6); Jona se lofsang (2:7-9); Jona se redding (2:10).

Die tweede deel verloop op byna dieselfde patroon:

- a. Jona word na die heidene gestuur (3:1-3)

¹⁸ In Wysheid van Sirag 49:10 word na die “twaalf profete” verwys, waarvan afgelei kan word dat die Klein Profetebundel reeds as ’n eenheid bestaan het.

¹⁹ omdat “die boek ... gesprek wil voer met die ‘sentraliste’ wat daar was”.

- b. Jona in konfrontasie met die heidene, wat hulle bekeer (3:4-10)
- c. Jona in konfrontasie met God: Jona se klag (4:1-3); Jona se verdere klag (4:8-9); die vermaning aan Jona (4:10-11).

Die vertelling is 'n vloeiende prosateks wat deur drie gebede in die vorm van poësie “onderbreek” word, naamlik 1:14; 2:3-10 en 4:2-3. Potgieter (1991:101-102) stel die saak soos volg: “Hoewel die gebede nie inbeddings in die diëgetiese vlak is nie, is hulle funksionele gebeurtenisse op die storievlak wat soortgelyke funksies verrig as wat by inbeddings moontlik is.” Hy kom tot die gevolgtrekking dat al drie die gebede handelende funksies het in dié sin dat dit die gebeure laat voortgaan. Hy toon ook aan dat die tweede gebed van Jona (4:2-3) 'n sterk kontras vorm met die ander gebede omdat Jona, ironies genoeg, bid om eerder te sterf, nadat hy in sy eerste gebed (2:3-10) JHWH gedank het dat hy leef. Dit staan ook teenoor die gebed van die matrose (1:14) wat JHWH se vrymag erken.

In die verhaal word spanning deurgaans behou, en die feit dat dit eindig met 'n vraag van JHWH waarop Jona nie antwoord nie, dat die verhaal dus 'n oop einde het, dra daartoe by dat dit 'n weldeurdagte en fyn beplande literêre produk is.

4.5 Tipering en stereotipering in die tyd van die boek se ontstaan

4.5.1 Nineve

Van der Woude (1978:18) sê die volgende oor die impak wat die naam *Nineve* nog steeds gehad het in die tyd toe die boek Jona ontstaan het: “Welke associasties de naam Ninevé bij joodse hoorders opriep, kan men in het boek Nahum nalezen: het is de stad van bloedvergieten en roof (Nah 3:1), het ‘Sammelpunkt aller Grossstadtflaster.’ ”²⁰ Dit word bevestig deur 'n verwysing in die legendariese Deuterokanonieke boek Tobit, wat tussen 225 en 175 vC ontstaan het, dus waarskynlik nie lank ná die ontstaanstyd van die boek Jona nie. Nineve word naamlik, soos in die boek Jona, voorgelê as die stad van onreg. Tobit 1:17-20²¹ lui:

¹⁶ In die tyd van Salmaneser het ek baie aalmoese geskenk aan my broers, my volksgenote. ¹⁷ Ek het van my kos gegee vir dié wat honger was en klere vir dié wat nie klere gehad het nie. As ek gesien het een van my volksgenote is dood en sy liggaam is buite die mure van Nineve gegooi, het ek hom gaan begrawe. ¹⁸ Ek het elkeen begrawe wat Sanherib laat doodmaak het, toe hy halsoorkop weggetrek het uit Judea. Dit was in die tyd van die oordeel wat die Koning van die hemel oor Sanherib gebring het as gevolg van al die godslastering waarmee hy gelaster het. Sanherib het in sy woede baie van die Israëliete om die lewe laat bring. Ek het hulle liggeme gesteel en gaan begrawe. Sanherib het hulle gesoek, maar nie

²⁰ ‘Sammelpunkt aller Grossstadtflaster’ is ‘n aanhaling uit die kommentaar van A Weiser en kan vertaal word “die versamelpunt van alle grootstadsodes”.

²¹ Hierdie aanhaling is uit *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*.

gekry nie. ¹⁹ Een van die inwoners van Nineve het egter aan die koning gaan verklap dat dit ek was wat hulle begrawe het. Ek het gaan wegkruip, maar toe ek uitvind dat die koning van my weet en my lewe soek, het ek bang geword en gevlug. ²⁰ Alles wat aan my behoort het, is toe afgevat. Daar is niks vir my agtergelaat nie, behalwe my vrou Anna en my seun Tobias; alles is gekonfiskeer vir die koning se skatkis.

Die boek eindig ook met 'n verwysing na Nineve (14:15) wanneer oor Tobias, een van die karakters in die boek, gesê word:²²

¹⁵ Voor sy dood het hy van die verwoesting van Nineve gehoor en dit gesien. Hy het gesien hoe Nineve se gevangenes na Medië geneem word, dié wat Agiagaros, die koning van Medië, as krygsgevangenes weggevoer het. Hy het God geloof oor alles wat Hy aan die mense van Nineve en Assirië gedoen het. Voor hy dood is, het hy hom oor Nineve verheug en die Here God tot in alle ewigheid geloof.

Witzenrath (1978:61) se ondersoek lei haar tot die volgende gevolgtrekking oor Nineve, naamlik: “Geographische Angaben fehlen. Ninive wird als grosse, das heisst eine von vielen Menschen bewohnte Stadt, die böse ist, geschildert. Ninive fungiert als geographische Chiffre für die bösen Heiden.”²³ Dit is duidelik dat Nineve vir eeue ná die val van die stad nog steeds as simbool van onreg gegeld het as die Jode se grootste vyand. Dit is hoe die stad *gestereotipeer* is. Indien die stad nie as 'n **simbool** van onreg, van die goddelose wêreldstad gegeld het nie, sou die egtheid van die Jona-vertelling in die tyd toe dit ontstaan het, ernstig bevraagteken kon word, aangesien Nineve toe reeds vir meer as drie eeue vernietig was.

4.5.2 JHWH

Die tipering van JHWH word, soos vermeld in 3.4.1, binne die Ou-Testamentiese korpus die duidelikste verwoord in Eksodus 34:6:

JHWH is 'n barmhartige en genadige God,
geduldig, vol troue liefde en waarheid;
(’n God) wat troue liefde handhaaf vir duisende,
wat skuld en oortreding vergewe;
maar wat niks ongestraf laat nie,
(en) wat vir die skuld van ouers
kinders en kleinkinders laat boet,
(ook) die derde en vierde geslag.

Soos reeds aangedui kom hierdie belydenis, of dele daarvan, ook voor in Numeri 14:18; Nehemia 9:17; Psalm 86:15; 103:8; Joël 2:13 en Jona 4:2.

²² Hierdie aanhaling is uit *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*.

²³ “Geografiese besonderhede ontbreek. Nineve word geteken as groot, dit wil sê 'n stad wat deur baie mense bewoon word, wat boos is. Nineve figureer as geografiese Chiffre [dws stylfiguur] vir die bose heidene.”

Die belydenis bring die “construct of a typical way of acting” in die geval van JHWH onder woorde. Dit is die karaktereienskappe, die tipiese optrede wat die veronderstelde lesers van die Ou-Testamentiese geskrifte van JHWH kon verwag.

JHWH word ook getipeer as die een wat met profete praat, wat aan hulle opdragte gee en wie se woord gesag dra.²⁴ Hierdie opdragte behels in besonder baie gevalle die aankondiging van oordeel oor onreg wat gepleeg word, of kwaad wat gedoen word. Dit sluit aan by die belydenis dat JHWH “niks ongestraf laat nie”. Die boek Nahum bied ’n goeie voorbeeld van hierdie soort oordeelsaankondiging.

Daarby word JHWH in al die tekste van die Ou Testament getipeer as die almagtige. In die gedig van Nahum word dit gedoen deur die epifanie-beskrywing en ’n benaming soos ‘Heerser oor alle magte’. Dit vorm trouens die stramien van die hele gedig.

4.5.3 Profete

Die tipering van profete verskil in die Ou-Testamentiese geskrifte. Uit 1 Konings 22:5-28 is dit reeds duidelik dat daar dié profete was wat vir die eie volksgroep en koning onvoorwaardelik voorspoed en heil aankondig het, terwyl ander ’n meer onafhanklike posisie ingeneem het. Hierdie verskille kom veral in die boek Jeremia na vore waar die outeur-redaktor van die profesieë van Jeremia die term “leuenprofete” gebruik vir Jeremia se opponente, klaarblyklik omdat hulle onvoorwaardelik veiligheid en redding vir die eie volk, en onheil vir die volk se vyande verkondig het.²⁵

Uit gegewens in die Ou Testament kan afgelei word dat daar vas geglo is in die effektiwiteit van die woorde wat ’n profeet in die naam van JHWH uitspreek. Die woorde van profete was skeppend – dit kon die toekoms bepaal. Dit is die rede waarom konings profete gehuur het om gunstige voorspellings vir hulle te maak, soos duidelik geïllustreer word in 1 Konings 22:6-8. Dit word ook geïllustreer deur die feit dat profete wat onheil vir die eie volk verkondig het, soms stil gemaak is,²⁶ want hulle het deur hulle woorde die onheil help skep.

Die inname van Jerusalem deur die Babiloniese magte in 587 vC en die verwoesting van die tempel en stad, het die woorde van Jeremia bevestig. Dit het meegehelp om ’n maatstaf daar te stel vir die onderskeid tussen ’n ware profeet van JHWH aan die een kant, en leuenprofete aan die ander kant: Die ware profeet se voorspellings oor toekomstige gebeure is bewaarheid, terwyl die valse of leuenprofete se woorde nie vervul is nie. Hierdie oortuiging het onder andere neerslag gevind in tekste soos Deuteronomium 18:15 tot 22, waar die onderskeid tussen valse en ware profete aan die bod kom, asook die maatstaf vir die ware profeet, naamlik die vraag of sy woorde oor toekomstige gebeure vervul word. Dit het ook neerslag

²⁴ Die vaste uitdrukking “So sê JHWH” wat male sonder tal ’n profetespreuk inlei, veronderstel dat die profete JHWH se direkte woorde aan die volk of ’n individu oordra.

²⁵ Vgl bv Jer 23:17; 28:1-11.

²⁶ Vgl onder andere Jer 29:26-29; 38:1-6.

gevind in die finale redaksie van die Samuel- en Koningsboeke waarin een van die temas die vervulling van ware profete se woorde is.²⁷

Die verwoesting van die tempel en gepaardgaande kultus in Jerusalem, asook die beëindiging van die koningskap, het meegebring dat die verwagting vir herstel in die toekoms verskuif het weg van die kultus en koning as beskermheer van die kultus, na die woorde van ware profete. Dit is klaarblyklik die rede waarom daar in die boek Jeremia ’n besonder negatiewe beeld van die koning van Juda geteken word.²⁸ Die koning is nie net goddeloos nie, maar ook magteloos.²⁹ Dit is ook waarom konings en priesters in die finale redaksie van 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings “uitgeskryf” word, en profete “ingeskryf” word (Breytenbach 1997:1174-1176). Alles wat Dawid, die doyen van die Israelitiese konings, verkeerd gedoen het, word in helder kleure geverf.³⁰ So ook die optredes en skandes van sy opvolgers. Daarteenoor skets die profetelegendes oor Elia en Elisa ’n besonder positiewe beeld van ware profete. In 2 Konings 5 word die magteloosheid van die naamlose koning en die afwesigheid van priesterlike handeling³¹ byvoorbeeld gestel teenoor die kragtige werking van die profetewoord as daaraan gehoor gegee word. Dit is ook opvallend dat al die wondervertellings in 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Konings, afspeel rondom die figuur van die ware profeet van JHWH.³²

Daar het egter ook ’n ander aspek na vore gekom in profeteboeke wat gedurende en ná die Babiloniese ballingskap die lig gesien het of redaksioneel verwerk is: Oordeelsprofesieë oor vreemde volke het sterker na vore getree. Dit word die beste geïllustreer in die boek Jeremia wat eindig met oordeelswoorde oor Egipte, die Filistyne, Moab, die Ammoniete, Edom, Damaskus, die Arabiere, Elam en oor Babel (Jer 46:1-51:64). In die boek Joël word heil vir die eie volk en oordeel vir die ander volke verwag (Joël 4:1-3a)

In die tyd toe die boek Jona ontstaan het, sou profete van JHWH dus getipeer wees as dienaars van JHWH wat direkte toegang tot hom het, en wie se woorde van heil of oordeel absoluut betroubaar is, omdat dit altyd in vervulling gaan.³³

4.5.4 Die keuse van die profeet Jona as karakter in die vertelling

In 2 Konings 14:25 word verwys na ’n profeet met die naam Jona, seun van Amittai, wat ’n dienskneg van JHWH was, en wie se woorde oor die herowering van verlore Israelitiese gebied bewaarheid is in die tyd van Jerobeam, seun van Nebat.³⁴ Die keuse van die profeet Jona, seun van Amittai, as die menslike hoofkarakter vir die Jona-verhaal, sou onmiddellik

²⁷ Vgl bv 1 Sam 3:19-20; 2 Sam 12:10-12; 1 Kon 14:1-20; 19:1-37;

²⁸ Vgl Jer 22:1-19; 24:8-10; 34:1-22; 36:1-32.

²⁹ Vgl Jer 38:14-28.

³⁰ Vgl 2 Sam 11:1 tot 20:14.

³¹ Vgl 2 Kon 5:11.

³² Vgl daarvoor veral die Elia-Elisa legendes in 1 Kon 17:1 tot 19:21; 2 Kon 2:1 tot 7:20; 20:9-11.

³³ Vgl bv 1 Sam 16:1-3; 2 Sam 12:7-12; 1 Kon 21:17-19; 2 Kon 13:14-21.

³⁴ Daar word ook na Jerobeam, seun van Nebat, verwys as Jerobeam II.

bepaalde assosiasies oproep by hoorders en lesers wat bekend was met die tradisie in 2 Konings 14:25, aangesien die boek Konings teen die tyd toe Jona geskryf is, reeds ongeveer twee eeue bekend was en sonder twyfel gesag gedra het. Die outeur van die Jona-verhaal wou daarmee vir sy lesers sê: Hier het ons te doen met 'n ware profeet van JHWH; 'n profeet wie se woorde teen die vyande van sy volk vervul is.

Vanoni (1978:26) wys daarop dat Nineve in die tyd van Jerobeam, seun van Nebat, nie die hoofstad van die Assiriese ryk of 'n wêreldstad was nie. Verder lei hy, uit die feit dat die woonplek van die profeet nie genoem word en die woord “profeet” ook nie gebruik word nie, af dat “der Autor von Jon [sic!] seine Erzählung bewusst enthistorisiert hat.”³⁵ In hierdie opsig sluit hy aan by Wolff (1965:48-49). Die feit dat 'n datering van die profeet se optrede ontbreek, soos wat wel die geval is by die oorgrote meerderheid profeteboeke, ondersteun ook die standpunt dat die outeur sy vertelling wou “enthistorisiert”.

4.6 Tipiese en a-tipiese optrede in die verhaal van Jona

Hoofstuk 1

Vers 1 en 2: Die inleidingswoorde van die vertelling (“Die woord van die Here het gekom tot Jona, die seun van Amittai”) is geformuleer op die patroon wat dikwels voorkom in boeke wat handel oor die vroeë koningstyd in Israel (Van der Woude 1978:15).³⁶ Dit is tipiese optrede van JHWH om deur sy woord met sy profeet kontak te maak. Dieselfde geld vir vers 2: Hy stuur sy profeet na waar daar onreg gepleeg word, met die veronderstelling dat hy 'n oordeelwoord moet uitspreek.

Vers 3: Die reaksie van Jona is a-tipies. Waar verwag kan word dat hy as ware profeet die opdrag sal gehoorsaam, probeer hy so ver as wat moontlik is vlug in die teenoorgestelde rigting, weg van die teenwoordigheid van JHWH. Waar Witzernath (1978:67) oor beweging in die vertelling handel, stel sy: “Das Jona nach Tarschisch anstatt nach Ninive geht, ist eine untypische Bewegung.”³⁷ Daar is ander voorbeelde van profete wat nie kans gesien het vir hulle roeping nie, soos Moses (Eks 4:10), Elia (1Kon 19:1-14) en Jeremia (Jer 1:6; 20:14-18), maar Jona se vlug is “weg van die teenwoordigheid van JHWH” wat ongehoord is, veral omdat dit twee keer gesê word. Dit word verder versterk deur die herhaling van die woord ‘afgaan’: Jona staan op, maar gaan af na Jafo en gaan af in die skip.

Vers 4 en 5: Met die “werp” van 'n storm op see tree JHWH tipies op. Soos in Nahum (1:3b-5) strek sy almag oor die die hele aarde, ook oor die see wat vir die Ou-Testamentiese mens die simbool van die chaosmagte was. Jona handhaaf egter sy a-tipiese houding en gaan steeds verder af, in hierdie geval na die agterste ruim van die skip.

³⁵ “dat die outeur van Jona sy vertelling bewustelik *onthistoriseer* het.”

³⁶ Vgl bv 1 Sam 15:10; 2 Sam 7:4; 24:11; 2 Kon 12:22; 17:2, 8; 18:1; 21:17.

³⁷ “Dat Jona na Tarsis in plaas van Nineve gaan, is 'n a-tipiese beweging.”

Vers 6: Die skepskaptein wat op die toneel gebring word, versoek Jona om te bid. Dit is trouens wat enige profeet van JHWH sou doen as daar gevaar dreig. Jona doen dit klaarblyklik nie, wat weereens a-tipiese optrede is.

Vers 7: Die uitwys van 'n skuldige persoon met die lot, is welbekend uit ander geskrifte van die Ou Testament. Dit is byvoorbeeld in Josua 7:14 tot 18 die wyse waarop JHWH self die skuldige uitwys. Wanneer die matrose dan die lotwerp om te bepaal wie die skuldige is, handel hulle soos wat JHWH se volk of leiers dit sou doen.

Vers 10 tot 12: Die erkenning deur Jona dat hy JHWH, die God van die hemel en aarde dien, sou wel as tipiese optrede beskryf kon word, maar sy advies dat die matrose hom in die see moet gooi, is weer wat nie van 'n profeet verwag sou word nie.

Vers 14: Die aanroep van JHWH deur die matrose, is nie die tipiese optrede van vreemdelinge nie, alhoewel bekering deur heidene byvoorbeeld in Jesaja 56:3-8 en 66:23 wel 'n moontlikheid is. Dit pas eerder by die volk van JHWH. Dit geld ook vir die pleit om vergifnis en die erkenning van JHWH se vrymag.

Vers 16: Die ontsag van die matrose vir JHWH op grond van sy almag en die bring van offers en aflê van geloftes is tiperend vir hulle wat JHWH dien, soos wat Jona beweer hy doen.

Vers 17: Die beskikking dat 'n groot vis Jona insluk val binne die magsgebied van JHWH.

In hoofstuk 1 tree JHWH dus op soos wat van hom verwag kan word. Die geweldige storm wat hy beskik, sowel as die vis wat Jona insluk, bevestig sy almag. In die epifaniebeskrywing in Nahum 1:3b tot 6 waar die mag van JHWH oor die natuur geïllustreer word, funksioneer dit om die erns en sekerheid van sy wraak te beklemtoon. In Jona 1 is dit nie die geval nie.

Die vreemdelinge, naamlik die kaptein van die skip en die matrose, tree op soos mense wat in JHWH glo, sou optree. Dit is wel a-tipies vir heidene. Die profeet Jona is veral die karakter wat a-tipies optree. Dit staan juis teenoor sy erkenning dat hy JHWH dien.

Die vraag is dan wat die outeur daarmee wou bereik. In die eerste plek is dit duidelik dat die a-tipiese optrede van Jona voortgang gee aan die vertelling. Indien Jona nie a-tipies optree het nie, sou daar geen storie wees nie. Verder kan ook afgelei word dat die outeur met die optrede van Jona, wat eerder by die heidene pas, en met die optrede van die matrose, wat eerder by die volk van JHWH pas, op 'n baie subtiele wyse besig is om die "ons-hulle" teenstelling wanneer dit by vreemdelinge kom, af te breek. Die diensweiering van die profeet verleen egter ook indirek gesag aan sy profeetskap (Breytenbach 1983: 136). In die boek Jeremia is die profeet aanvanklik ook nie bereid om sy opdrag uit te voer nie, en die feit dat JHWH hom moes oorreed om dit te doen, was vir die lesers van die boek Jeremia die bewys dat hy 'n ware profeet van JHWH is, dat hy nie uit sy eie optree nie (Van Selms 1979:38). Dieselfde geld vir Jona; as hy ná sy poging om weg te vlug, oorreed sou word, kan daar geen twyfel bestaan dat hy deur JHWH geroep is, en dus 'n ware profeet is nie. 'n Verdere aspek wat die egtheid van sy profeetskap ondersteun, is die wondervertelling oor die vis. Alhoewel hy self nie 'n wonder doen nie, lê die outeur 'n indirekte verband met die wondervertellings in die Elia-Elisa siklus, die ware profete wie se woorde telkens vervul is.

Hoofstuk 2

Vers 1 tot 9: Die reaksie van Jona in die vis se ingewande, naamlik om te bid terwyl hy in nood is, is tipiese handeling wat in die Ou-Testamentiese geskrifte telkens na vore kom, en wat veral in die psalms tot uitdrukking kom. Magonet (1976:44-49) het aangedui dat baie uitdrukkings in die psalm van Jona ooreenkom met gedeeltes in die Psalms. Hy noem dit egter “quotations” en veronderstel daarmee dat die psalm van Jona ’n samevoeging van aanhalings uit die psalms is.

Vir die doel van hierdie ondersoek is die oorsprong of wyse van samestelling en selfs die klassifisering van die psalm (Potgieter 1991:18-35) nie van belang nie. Deur Jona te laat bid en deur die bekende uitdrukkings en poëtiese vorme wat hom in die mond gelê word, werk die outeur die vervreemding teenoor die Jona-karakter teen wat hy in die eerste hoofstuk geskep het.

Hoofstuk 3

Vers 1 tot 3: Hier tree JHWH weer eens tipies op deur sy profeet met ’n boodskap te stuur na ’n plek van onreg. Jona tree ook op soos wat van ’n ware profeet verwag kan word: Hy staan op en gaan na Nineve om die boodskap oor te dra. Die beskrywing van Nineve as ’n uitsonderlike groot stad, berei nie net die toneel voor vir wat in vers 4 gebeur nie (Van der Woude 1978:45). Die outeur berei daarmee ook op ’n subtiele wyse die leser voor op die argument waarmee die boek gaan eindig (4:11).

Vers 4: In hierdie vers tree Jona weer op soos wat van ’n profeet verwag kan word: Hy kondig die vernietiging van die goddelose wêreldstad aan. Dit is die enigste ‘profesie’ in die boek, en klop met die verwagting in die laat na-eksiliese tyd dat JHWH die nasies gaan oordeel. Die veertig dae is, soos op talle ander plekke in die Ou Testament, ’n simboliese getal.

Vers 5: Die reaksie van die inwoners van Nineve is a-tipies vir heidene. Die outeur het egter hierdie moontlikheid reeds geskep met die ‘gelowige’ reaksie van die skeepskaptein en die matrose in hoofstuk 1.

Vers 6 tot 9: Hierdie verse is ’n terugflits wat in die volgorde van gebeure voor vers 5 afspeel.³⁸ Dit is die koning van Nineve wat deur sy opdragte (vs 7-9) die inwoners van Nineve daartoe bring om te vas en rouklere aan te trek (vs 5).

Die reaksie van die koning van Nineve is a-tipies vir ’n heidense koning. Sy ‘afgaan’ van die troon na die grond is ’n positiewe reaksie en dit verskil van Jona se negatiewe drievoudige ‘afgaan’ in hoofstuk 1. Die optrede van die koning van Nineve verskil ook radikaal van die koning van Nineve in die gedig van Nahum. In laasgenoemde is hy die wrede gewelddenaar, en in Jona roep hy sy onderdane op om hulle te bekeer van slegte gedrag en die geweld wat aan hulle hande kleef. Die omhang van rouklere, die sit in die stof en die vasdag was vorme van selfvernedering, terwyl die koning in die gedig van Nahum deur JHWH verneder gaan

³⁸ Daar is ook ander voorbeelde van terugflitse in die vertelling. Potgieter (1991:52) noem die terugflitse *analepsis* op voetspoor van Genette, terwyl Van der Woude (1978: 47) daarna verwys as *nachholende Erzählung*. Gerhards (2006:35) stel dit soos volg: “Das Jonabuch ist offenbar gar nicht daran interessiert, die Ereignisse in der Reihenfolge zu erzählen, in der man sich ihren zeitlichen Ablauf vorzustellen hat, ...”

word. Die hoop dat God sal terugdraai, jammer sal wees en afsien van sy gloeiende toorn, sluit inhoudelik aan by die belydenis dat JHWH 'n barmhartige en genadige God is, wat geduldig is en skuld en oortreding vergewe.

Vers 10: Die reaksie van JHWH is tipies in die sin dat sy “jammer wees” aansluit by 'n lang tradisie soos dit onder andere verwoord is in Jeremia 26:3 en Joël 2:14. Dit sluit ook aan by die tipering van JHWH in die belydenis. Dit is egter a-tipies omdat hy hom nie ontferm oor Israel, soos in Jeremia, of oor Jerusalem, soos in Joël nie, maar oor die heidene (Witzenrath 1978:82-87) en oor sy opstandige profeet. In aansluiting by Spiekermann stel Loader (1999:332) dit soos volg:

In Joel 2:13 ist nur das Volk, dem die Posaune zu Zion bläst (Joel 2:15), Empfänger der Gnade, die ‘vielleicht’ kommt. In Jona haben wir aber ‘eine grossartige Affirmation und Applikation der Gnadenformel’, und zwar für die heidnische Stadt sowie für den rebellischen Propheten aus Israel.³⁹

In hoofstuk 3 is die rolle van Jona en JHWH in 'n sekere sin omgekeer: Terwyl Jona optree soos wat van 'n profeet verwag kan word, tree JHWH a-tipies op deur jammer te wees oor die onheil wat hy gesê het hy oor die goddelose heidene gaan bring. Die koning van Nineve tree ook nie op volgens die stereotipe beeld wat in die gedig van Nahum en die Koningsboeke van hom geskep word nie. Die outeur van Jona destereotipeer op dié wyse die koning van Nineve.

Hoofstuk 4

Vers 1 tot 3: Die reaksie van Jona is vanuit 'n agternaperspektief vreemd wanneer hy ontsteld is omdat JHWH mense wat berou het oor die kwaad wat hulle gedoen het, genadig is, en nie sy oordeel oor hulle voltrek nie. Wanneer die stereotipe van Nineve, soos dit neerslag gevind het in die gedig van Nahum egter in gedagte gehou word, asook die na-eksiliese siening oor JHWH se oordele oor die ander nasies, tree Jona op soos wat 'n groot groep van sy veronderstelde lesers sou verwag: Die oordeel van JHWH oor die goddelose wêreldstad moet voltrek word! Jona se heftige reaksie is in 'n sekere sin 'n illustrasie van die woorde van Lippmann (1922:95): “No wonder, then, that any disturbance of the stereotypes seems like an attack upon the foundations of the universe.”

Die rede wat Jona voorhou vir sy ontsteltenis, sluit aan by die belydenis wat JHWH tipeer as geduldig, genadig en vergewensgesind. Jona sê uitdruklik dat hy verwag het JHWH gaan genadig, barmhartige, geduldig, vol troue liefde, en ook jammer wees oor die onheil wat hy gesê het hy oor die goddelose stad gaan bring; en daarvoor is Jona kwaad. Daardie aspekte van die tipering van JHWH is, volgens die betrokke gedeeltes in Nahum en Joël, tog bedoel vir sy eie volk, en nie vir die goddelose wêreldstad en heidene nie. Dit is opvallend dat, anders as in die gedig van Nahum waar die klem val op “niks ongestraf laat nie”, dit by Jona gaan oor die genade en vergifnis, maar dan in 'n afwysende konteks. Dit kom op dieselfde neer: net straf en geen genade vir Nineve en haar inwoners nie.

³⁹ “In Joël 2:13 is net die volk, vir wie die basuine by Sion blaas (Joël 2:15), ontvangers van die genade wat “waarskynlik” kom. In Jona het ons egter “n grootse bevestiging en toepassing van die genadeformule”, en wel vir die heidense stad sowel as vir die rebelse profeet uit Israel.”

Jona se reaksie staan teenoor dié van die koning van Nineve in 3:9, wat juis hoop dat God sal terugdraai, jammer sal wees en sal afsien van die onheil wat hy beplan. Jona wil ook eerder dood wees as om profeet te wees van 'n God wat (binne Jona se verwysingsraamwerk) a-tipies optree. Loader (1999: 333-334) lewer die volgende passende kommentaar oor Jona se doodswens: “Das Leben hat für ihn nur dann Sinn, wenn er sein eigenes Gottesbild, das sein eigenes Ansehen bestätigt, machen kann. Also ein Gottesbild, das dem Menschenbild dient. ... Lieber der Tod, lieber das Nichts, als ein Gott, der seiner Vorstellung nicht entspricht.”⁴⁰

Vers 4: Met die vraag aan Jona of hy werklik rede het om so kwaad te wees, toon JHWH dat hy teenoor die profeet geduldig is, dat hy lank neem om kwaad te word. Dit sluit aan by die belydenis wat JHWH tipeer as geduldig.

Vers 5 tot 9: Van der Woude (1978:56) beskou hierdie verse ook as *nachholende Erzählung* van gebeure wat afspeel pas nadat Jona die oordeelswoorde oor Nineve uitgespreek het. Anders as die oorgrote meerderheid vertalings, vertolk Van der Woude die woorde ‘taks-kerm maak’ in vers 5 voluntatief, met ander woorde ‘Jona wou vir hom ’n taks-kerm maak’. Hiervoor bestaan daar goeie gronde.⁴¹ Jona wil sien wat met die stad gebeur, klaarblyklik met die verwagting dat die goddelose stad, soos Sodom en Gomorra van ouds, vernietig gaan word. Dit is die soort optrede wat van ’n oordeelsprofeet verwag word: Kondig die oordeel aan en kyk hoe dit afspeel!

JHWH tree weer tipies op: Hy beskik ’n wonderplant wat vir Jona beter beskerming bied as ’n taks-kerm. Soos wat hy vir Adam en Eva velklere gemaak het om hulle vyeblare te vervang, gee hy vir Jona ’n koelteboom om sy beplande taks-kerm te vervang. JHWH se optrede die volgende oggend is egter a-tipies: Hy laat die wonderplant tot niet gaan en laat ook die versengende sirokko opsteek. Hierdie gebeure in die vertelling kan verskillend vertolk word. Die beste verklaring is dat JHWH daarmee vir Jona iets laat voel van sy oordeel. Jona beleef self wat hy ander toewens.

Kommentatore wys daarop⁴² dat die doodswens van Jona ooreenkoms toon met dié van Elia in 1 Konings 19:4. Maar, soos Loader (1999:334) tereg oor die vergelyking met Elia opmerk: “Der lag auch in der Wüste, auch ungenügend gegen die Hitze geschützt, und wünschte sich auch tot zu sein – Elia aber, weil seine Verkündigung *keinen* Erfolg hatte, und Jona, weil seine Verkündigung *zu viel* Erfolge hatte.”⁴³

Deur sy a-tipiese optrede dwing JHWH vir Jona tot ’n konfrontasie met hom, lei hy hom eintlik in ’n lokval. Want op die vraag of hy rede het om kwaad te wees, antwoord Jona dat hy die volste reg het om woedend te wees. Die subteks in Jona se antwoord is: Watter soort God is dit wat sy profeet so wil sien ly? Lux (1994:150) stel dit soos volg: “Mit der

⁴⁰ “In Joël 2:13 is net die volk, vir wie die basuine by Sion blaas (Joël 2:15), ontvangers van die genade wat “waarskynlik” kom. In Jona het ons egter “n grootse bevestiging en toepassing van die genadeformule”, en wel vir die heidense stad sowel as vir die rebelse profeet uit Israel.”

⁴¹ Vgl Van der Woude (1978:56-57), veral voetnoot 22 op bladsy 132.

⁴² Vgl bv Gerhards (2006:194).

⁴³ “Dié lê ook in die woestyn, ook onvoldoende teen die hitte beskut, en wens homself dood – Elia egter, omdat sy verkondiging *geen* gevolge gehad het nie, en Jona, omdat sy verkondiging *te veel* gevolge gehad het.”

dreigliedrigen Handlungssequenz (V.6-8a) stellt uns der Erzähler einen Gott vor, der zu sich selbst im Widerspruch zu stehen scheint.”⁴⁴

Vers 10 tot 11: In die slotverse van Jona word JHWH en Jona teenoor mekaar gestel. Die vergelyking tussen Jona se “besorg wees” oor die kasterolieplant en die “besorg wees” van JHWH oor Nineve se duisende mense en diere kan vanselfsprekend nie teen mekaar opgeweeg word nie. Die outeur het Jona die antwoord op die vraag waarmee die vertelling eindig, by implikasie reeds laat gee toe hy ontsteld was oor die kasterolieplant hom nie meer beskut het teen die sirokko en die woestynson nie.

Hierdie verse onthul ook JHWH se ware karakter: In die belydenis wat hom tipeer, weeg sy genade, barmhartigheid, geduld, liefde en jammer wees oor onheil swaarder as sy oordeel.

5 Tipering en die afbreek van stereotipes in die Jona-verhaal

5.1 Nineve, haar inwoners en koning

Dit is duidelik dat die wêreldstad Nineve nie gedestereotipeer word nie. Dit bly die simbool van die pleeg van onreg wat ten hemele roep (Jona 1:2). Wat wel gedestereotipeer word, is die koning van Nineve. Deur die koning a-tipies te laat optree, breek die outeur die stereotipe van ’n wrede, grypsugtige vors wat alles vir homself wil inpalm, af (Nahum 2:11-12). Soos reeds aangedui, het die outeur hierdie destereotipering voorberei deur eers die skeepskaptein en daarna die matrose a-tipies te laat optree.

Verder slaag die outeur daarin om Nineve as plek van onreg en kwaad op ’n subtiele wyse te skei van die inwoners en diere op daardie plek (Jona 4:11). Dit word voorberei deur die koning se bevel dat mens en dier moet deelneem aan die verootmoediging voor God (3:8). Die subtiele skeiding van die goddelose stad en sy onkundige inwoners (Jona 4:11), het in die vertelling die moontlikheid geopen vir JHWH se besorgdheid oor die inwoners van Nineve.

5.2 Jona en JHWH

Dit is duidelik dat die outeur in die eerste plek op strategiese punte aan die verhaal momentum gee deur van die karakters a-tipies te laat optree. Jona se poging om na Tarsis te vlug maak die hele episode op die skip en gevolglik ook die wondervertelling oor die vis, moontlik. Verder stuur die a-tipiese optrede van JHWH, wat Jona aan die elemente blootstel, die verhaal in ’n nuwe rigting wat uitloop op die retoriese vraag waarmee die boek eindig.

Deur die tipiese en a-tipiese optrede van Jona, word sy karakter ontbloot; maar nie net sy karakter nie. Hy verteenwoordig ’n sienswyse in die tyd van die boek se ontstaan. In dié verband is die volgende opmerking van Lux (1994:208), van belang: “Sein Adressatenbild

⁴⁴ “Met die drieledige opeenvolgende handeling (vs 6-8a) stel die verteller aan ons ’n God voor wat skynbaar met homself in teenspraak is.”

hat der Erzähler in der Gestalt Jonas verdichtet. Der Prophet Jona trägt die Züge derer, mit denen der Erzähler das Gespräch suchte. In ihm wurde ihre Identität verhüllt und zugleich aufgedeckt.”⁴⁵ Jona se kennis van JHWH, dat hy ’n genadige en barmhartige God is, is die kennis van die lesers vir wie die verhaal vertel word. Jona se verwagting dat JHWH die goddelose vyande van Israel moet vernietig en Jona se ontsteltenis omdat die oordeelswoorde van die ware profeet nie vervul word nie, is die veronderstelde lesers se verwagting en ontsteltenis. Die bedoeling van die outeur is duidelik: Hy bevestigte die stereotipe siening wat, onder andere op grond van die Samuel- en Koningsboeke, oor profesieë heers, naamlik dat dit altyd vervul word, altyd uitkom. Deur die ontbloting van Jona se karakter, wil die outeur ’n ander siening en gesindheid by sy lesers vestig, of soos Lux (1994:208) dit stel: “Dabei kam es dem Erzähler darauf an, einen Prozess der Identifizierung in Gang zu setzen, der seine Leser nicht nur bei ihrer Identität behaften wollte, sondern auch Angebote zur Veränderung und Verschiebung einzelner Komponenten ihrer Identität enthielt.”⁴⁶

Wat die karakter JHWH betref het dit duidelik geword dat die kern van die verhaal gebou is om die belydenis oor JHWH, en dan meer spesifiek die teenstelling in die belydenis. Die tipering dat hy barmhartig en genadig, geduldig, vol liefde en waarheid is, dat hy skuld en oortreding vergewe, maar ook niks ongestraf laat nie, is klaarblyklik so geïnterpreteer dat sy genade, geduld en liefde sy eie volk, Juda, geld, en dat sy oordeel die goddelose vyande van sy volk geld. Dit word onder andere in die gedig van Nahum uitgespel en die teks in Joël 2:13 en 14 bied ook ’n voorbeeld daarvan. In die Jona-verhaal is Jona, soos aangedui, die verpersoonliking van hierdie siening.

Die outeur deurbreek so ’n tipering van JHWH deur hom a-tipies te laat optree: Jona word, sonder dat hy iets verkeerd doen, gestraf met die sirocco en die son, en die inwoners van die goddelose Nineve ontvang genade en vergifnis. Die a-tipiese optrede van JHWH laat die lyne dus oorkruis loop: eie volk word gestraf, vreemde volk ontvang genade. Dit staan teenoor die stereotipe dat die eie volk genade ontvang en die vreemde volk gestraf word. Hierdie deurbreking van die stereotipe siening oor JHWH lei egter nie tot ’n nuwe stereotipering nie. Daarvoor sorg die laaste retoriese vraag van JHWH en die oop einde van die verhaal.

5.3 Ten slotte

Die outeur van die Jona-verhaal is sonder twyfel ’n meester van die vertelkuns. Hierdie ondersoek het net weer bevestig “dies scheinbar so alberne Büchlein gehört zu dem Tiefsten und Grossartigsten, was jemals geschrieben worden ist.”⁴⁷ Deur sy vertelling hanteer die

⁴⁵ “Die verteller het die beeld van sy adressante in die gestalte van Jona saamgetrek. Die profeet Jona dra die kenmerke van diegene met wie die verteller in gesprek wil tree. In hom word hulle identiteit verhuul en tegelyk ook ontbloot.”

⁴⁶ “Verder kom dit vir die verteller daarop aan om ’n proses van identifisering aan die gang te kry, wat sy lesers nie net van hulle identiteit bewus maak nie, maar wat ook ’n aanbod vir verandering van identiteit en ’n verskuiwing van die komponente van hulle identiteit, inhou.”

⁴⁷ O Loretz, soos aangehaal deur Potgieter (1991:1). Dit kan vertaal word “hierdie skynbaar eenvoudige boekie hoort by die diepstes en mees manjifiekes wat ooit geskryf is.”

verteller van die moeilikste teologiese vrae op 'n wyse wat selfs die eenvoudigste leser intrek by die antwoorde wat hy verskaf oor onvervulde profesieë en die vrymag van die God van die Bybel.

Literatuurlys

- Breytenbach, A P B 1983. Die boodskap van die boek Jona. *HTS* 39 (1) 135-140
- 1997. Meessternarratiewe, kontranarratiewe en kanonisering – 'n Perspektief op sommige profetiese geskrifte. *HTS* 53 (4) 1161-1186.
- Burchfield, R W (ed) 1989. *The Oxford English Dictionary*. Second Edition. Vol XVI. Oxford: Clarendon Press.
- Colman, A M (ed) 2009. *Oxford Dictionary of Psychology*. Third Edition. Oxford: Oxford University Press.
- Deist, F E 1981. *Die God van Jona*. Kaapstad: Tafelberg.
- 1984. *A Concise Dictionary of Theological Terms*. Pretoria: J L van Schaik.
- Eynikel, E 2001. Jona, in Eynikel, E, Noort, E, Baarda, T en Denaux A 2001. *Internasionaal Commentaar op de Bijbel. Band 2*, 1323-1329.
- Gerhards, M 2006. *Studien zum Jonabuch*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchen. (Biblisches-Theologische Studien).
- Hambidge, J 1992. Postmodernisme (Deel I). *Tydskrif vir Letterkunde* (30/2) 62-68.
- Hattingh, M 1996. Stereotipering as aankopingspunt by die lees van Afrikaanse kortverhale in 'n multikulturele klas. *Stilet* 8 (2).
- Hauptfleisch, D C et al (reds) 1984. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, onder Kortverhaal. Pretoria: Staatsdrukker.

Kruger, P A 2004. Stereotipering is so oud soos die mensdom self: die Ou Nabye-Ooste as voorbeeldgeval. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (44) 313-323.

Lippmann, W 1922. *Public Opinion*. New York: The MacMillan Company.

Loader, J A 1987. Jona, in Bosman, H L & Loader, J A (reds) 1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg, 123-127.

- 1999. Gottes Umkehr und prophetische Absurdität. *Old Testament Essays* 12 (2), 326-338.

Lux, R 1994. *Jona. Prophet zwischen 'Verweigerung' und 'Gehorsam'*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Magonet, J D 1976. *Form and Meaning. Studies in Literary Techniques in the book of Jonah*. Bern: Herbert Lang. (BET 2).

Perlitt, L 2004. *Die Propheten Nahum, Habakuk, Zephanja*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Das Alte Testament Deutsch)

Potgieter, J H 1991. *'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona*. Perskor: Hervormde Teologiese Studies, Supplementum 3.

Stereotyping definition. s.a. "Stereotype". Besoek op 23 Oktober 2013. https://www.google.co.za/?gws_rd=ssl#q=stereotyping+definition.

Typification. s.a. "Typification". Besoek op 23 Oktober 2014. <http://www.sociologyindex.com/typification.htm>.

Van der Woude, A S 1978. *Jona Nahum*. Nijkerk: Callenbach. (Prediking van het Oude Testament).

Van Selms, A 1972. *Jeremia deel I*. Nijkerk: Callenbach. (Prediking van het Oude Testament).

- 1974. *Jeremia deel III en Klaagliederen*. Nijkerk: Callenbach. (Prediking van het Oude Testament).

Vanoni, G 1978. *Das Buch Jona*. St Ottilien: EOS Verlag.

Weiser, A 1956. *Das Buch der zwölf kleinen Propheten*. Göttingen: Vandenhoeck. (Das Alte Testament Deutsch).

Witzenrath, H H 1978. *Das Buch Jona*. St Ottilien: EOS Verlag.

Wolff, H W 1965. *Studien zum Jonabuch*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchen. (Biblische Studien).

- 1977. *Dodekapropheten 3. Obadja und Jona*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchen. (Biblischer Kommentar Altes Testament).

BYLAE A

JONA⁴⁸

1

Die profeet probeer sy opdrag ontwyk

¹ Die woord van die Here het gekom tot Jona, die seun van Amittai: ² “Staan op, gaan na die groot stad Nineve en preek daarteen, want die kwaad wat hulle doen, het tot in my teenwoordigheid gekom.”

³ Maar Jona het opgestaan om na Tarsis te vlug, weg van die teenwoordigheid van die Here af. Hy het afgegaan na Jafo en daar 'n skip gevind wat op pad was na Tarsis. Hy het die reisgeld betaal en in die skip afgegaan om saam met hulle na Tarsis te gaan, weg van die teenwoordigheid van die Here.

⁴ Maar die Here het 'n sterk wind oor die see laat opkom. Daar was 'n groot storm op see en die skip was op die punt om in stukke te breek. ⁵ Die matrose was bang en het elkeen na sy god om hulp geroep. Hulle het ook die toerusting wat op die skip was, in die see gegooi om hulle vrag ligter te maak.

Jona het egter afgegaan na die agterste ruim van die skip en daar gaan lê en vas aan die slaap geraak. ⁶ Die skeepskaptein gaan toe na hom en sê vir hom: “Wat is dit met jou dat jy so vas lê en slaap? Staan op! Roep jou god aan! Miskien sal dié god aan ons dink en sal ons nie ondergaan nie.”

⁷ Die matrose het vir mekaar gesê: “Kom ons beslis die saak deur die lot, sodat ons kan weet deur wie se toedoen hierdie ramp ons tref.” Hulle het met die lot beslis en die lot het Jona uitgewys. ⁸ Toe sê hulle vir hom: “Vertel ons asseblief waarom hierdie ramp ons tref. Watter werk doen jy en waar kom jy vandaan? Uit watter land kom jy en van watter volk?” ⁹ Hy het hulle geantwoord: “Ek is 'n Hebreër, en die Here, die God van die hemel wat die see en die droë grond gemaak het, dien ek met ontsag.”

¹⁰ Toe die mans besef dat hy besig was om te vlug, weg van die teenwoordigheid van die Here, omdat hy dit vir hulle vertel het, was hulle vreesbevange en het hulle vir hom gesê: “Hoe kon jy so iets doen?” ¹¹ Hulle sê toe vir hom: “Wat moet ons met jou maak sodat die see om ons kan bedaar?” Want die see het al hoe onstuimiger geraak. ¹² Hy het geantwoord: “Vat my en gooi my in die see, dan sal die see om julle bedaar; want ek is seker dit is oor

⁴⁸ Naas enkele wysigings in 4:5 en 6, kom hierdie vertaling ooreen met die vertaling van Die Bybel: 'n Direkte Vertaling, wat tans deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika voorberei word. Die plasing hiervan geskied met die toestemming van die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

my dat hierdie groot storm oor julle woed.”

¹³ Die mans het hard geroei om weer die land te probeer bereik, maar hulle kon nie daarin slaag nie, want die see het al hoe onstuimiger geraak teen hulle.

¹⁴ Toe het hulle die Here aangeriep. Hulle het gesê: “Ag Here, laat ons asseblief nie vergaan as gevolg van hierdie man se lewe nie. Moet dit tog nie teen ons hou as ons onskuldige bloed vergiet nie. U is immers die Here; U doen wat U wil.” ¹⁵ Hulle het Jona opgetel en hom in die see gegooi, en die storm op die see het bedaar.

¹⁶ Toe was die manne geweldig bang vir die Here. Hulle het vir Hom 'n offer gebring en geloftes afgelê.

Jona ervaar God se almag

¹⁷ Die Here het dit so beskik dat 'n groot vis Jona insluk, en hy was drie dae en drie nagte lank in die vis se maag.

2

¹ Jona het uit die vis se ingewande tot die Here sy God gebid. ² Hy het gesê:

“In my nood het ek na die Here geroep,
en Hy het my geantwoord.

Uit die ingewande van die doderyk

het ek om hulp geroep,

en U het my stem gehoor.

³ U het my in die diepte gegooi,

in die hart van die oseane.

'n Seestroom het my omring,

al u golwe en branders het oor my gespoel.

⁴ “Ek self het gedink,

‘Ek is uitgewerp, onder u oë uit;

as ek net weer u heilige tempel kan sien!’

⁵ Water het tot aan my keel my omsluit,

'n watermassa het my omring;

seewier het my kop omstrengel.

⁶ Na die basis van die berge

het ek afgesak;

ek was vir altyd agter die grendels

van die onderwêreld.

“Maar tog het U my lewe

uit die put opgetrek, Here my God!

⁷ Terwyl die lewe uit my vloei,
het ek net aan die Here gedink.
My gebed het U
in u heilige tempel bereik.

⁸ “Wie nuttelose afgode dien,
versaak hulle trou aan die verbond.
⁹ Maar ek,
met 'n danklied wil ek aan U offer,
wat ek beloof het, sal ek betaal.
Dit is die Here wat redding bring.”

¹⁰ Die Here het toe die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spoeg.

3

Jona ontvang 'n tweede keer sy opdrag

¹ Die woord van die Here het die tweede keer tot Jona gekom: ² “Staan op, gaan na Nineve, die groot stad, en verkondig aan haar die boodskap wat Ek aan jou opgedra het.”

³ Jona het toe opgestaan en na Nineve gegaan soos die Here hom beveel het. Nineve was 'n uitsonderlike groot stad: drie dae se loop van kant tot kant.

⁴ Jona het begin om die stad binne te gaan, 'n dag se loop ver. Hy het uitgeroep: “Nog net veertig dae, dan word Nineve verwoes!”

⁵ Die mense van Nineve het in God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en hulle het almal, belangrik en onbelangrik, rouklere aangetrek.

⁶ Toe die berig die koning van Nineve bereik, het hy van sy troon af opgestaan, sy koningsmantel afgegooi, 'n roukleed omgehang en in die stof gaan sit.

⁷ Hy het in Nineve laat afkondig: “Op las van die koning en sy belangrike amptenare: Niemand mag aan enigiets proe nie -- nie mens of dier, beeste of kleinvee nie. Hulle mag nie eet of water drink nie. ⁸ Mens en dier moet met 'n roukleed bedek wees. Die mense moet God ernstig aanroep en elkeen moet hom bekeer van sy slegte gedrag en van die geweld wat aan sy hande kleef. ⁹ Wie weet, dalk draai God terug en is Hy jammer; dalk draai Hy om, weg van sy gloeiende toorn sodat ons nie vergaan nie.”

¹⁰ God het gesien wat hulle doen, dat hulle hul bekeer het van hulle slegte gedrag. God was jammer dat Hy gesê het Hy gaan 'n ramp oor hulle bring, en Hy het dit toe nie uitgevoer nie.

4

Jona tree met God in gesprek

¹ Maar dit het Jona erg ontstel, en hy het kwaad geword. ² Hy bid toe tot die Here en sê: “Ag Here, is dit nie wat ek voorspel het toe ek nog in my land was

nie? Daarom het ek vroegtydig na Tarsis gevlug, want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, geduldig en vol troue liefde, 'n God wat jammer is oor die onheil. ³ Here, neem dan nou maar my lewensasem van my weg, want dit is vir my beter om te sterf as om te leef.” ⁴ Daarop sê die Here: “Is dit reg dat jy so kwaad is?”

⁵ Jona het by die stad uitgegaan en aan die oostekant gaan sit. Daar wou hy vir hom 'n takskerm maak en daaronder in die skaduwee gaan sit, sodat hy kon sien wat met die stad gebeur. ⁶ Maar die Here God het 'n kasterolieplant beskik om oor Jona op te kom vir 'n skaduwee oor sy kop en om hom van sy onvergenoegdheid te bevry. Jona was baie bly oor die kasterolieplant.

⁷ Maar met dagbreek die volgende môre het God 'n wurm beskik. Dit het die kasterolieplant binnegedring, en dit het verlep. ⁸ Teen sonop het God 'n gloeiende oostewind beskik, en toe die son op Jona se kop bak, het hy duiselig geraak en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Dit is vir my beter om te sterf as om te leef.”

⁹ Toe sê God vir Jona: “Is dit reg dat jy kwaad is oor die kasterolieplant?” Hy het geantwoord: “Ek is tereg tot die dood toe kwaad.”

¹⁰ Toe sê die Here: “Jý is besorg oor die kasterolieplant waarmee jy geen moeite gedoen het nie en wat jy nie laat groei het nie, wat oornag opgekom het en oornag tot niet is. ¹¹ Maar Ek mag nie besorg wees oor Nineve nie, die groot stad waarin daar meer as honderd-en-twintigduisend mense is wat die verskil tussen regs en links nie ken nie, en ook nog baie diere?”

BYLAE B

NAHUM⁴⁹

1

¹ Profesie oor Nineve. Boek van die openbaring aan Nahum, die Elkosiet.

'n Lied oor die Here se groot krag

² Die Here is 'n besitlike God
en Hy wreek Hom.

Die Here neem wraak met woede.
Die Here wreek Hom op sy teenstanders,
Hy koester 'n wrok teen sy vyande.

³ Die Here is geduldig,
maar geweldig sterk.
Die Here laat beslis niks ongestraf nie.

Deur donderstorm en orkaan loop sy pad,
wolke is die stof van sy voete.

⁴ Hy berispe die see en laat dit opdroog;
al die riviere laat Hy wegdroog.
Basan en Karmel verdor,
die bloeisels van Libanon verwelk.

⁵ Die berge bewe voor Hom,
die heuwels stort ineen.
Die aarde rys op voor Hom,
ja, die wêreld met al sy bewoners.

⁶ Wie kan staande bly voor sy toorn,
wie kan sy siedende woede weerstaan?
Wanneer sy drif uitbars soos vuur,
spat rotse voor Hom uiteen.

⁷ Die Here is goed,
'n toevlugsoord in tye van bedreiging.
Hy sorg vir wie by Hom skuil,
⁸ maar met 'n vloedgolf
vernietig Hy die stad geheel en al,

⁴⁹ Hierdie vertaling kom ooreen met die vertaling van Die Bybel: 'n Direkte Vertaling, wat tans deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika voorberei word. Die plasing hiervan geskied met die toestemming van die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

sy vyande agtervolg Hy tot in die duisternis.

⁹ Wat kan julle teen die Here beplan?

Hy rig volslae vernietiging aan!

Bedreiging sal nie 'n tweede keer toeslaan nie.

¹⁰ Selfs al word hulle saamgevleg tot 'n doringskerm,
en omring deur rankplante,

hulle sal verteer word soos stoppels wat heeltemal droog is.

¹¹ Uit jou het hy weggetrek,

hy wat onheil beraam teen die Here,

wat boosheid beplan.

¹² So sê die Here:

“Al was hulle ook in volle sterkte,

so baie as wat hulle was,

soveel is afgemaai.”

En hy het verdwyn.

“Ek het jou verneder,

maar Ek sal jou nie weer verneder nie.

¹³ Daarom gaan Ek sy juk breek wat op jou rus,
jou stroppe gaan Ek aan stukke ruk.”

¹⁴ Maar die Here beslis oor jou, koning:

“Jou roem sal nie meer versprei nie.

In die huis van jou gode

sal Ek die gesnede en gegote beelde vernietig.

Ek berei jou graf voor,

want jy is onbenullig.”

¹⁵ Kyk! Op die berge is die voete

van die een wat 'n goeie boodskap bring,

wat 'n vredesboodskap laat hoor:

“Vier maar jou feeste, Juda!

Betaal jou geloftes,

want die booswigte sal nooit weer deur jou trek nie;

hulle is almal uitgeroei.”

2

Nineve kom tot 'n val

¹ Iemand wat uitmekaar jaag,

trek teen jou op.

Bewaak die vesting,
hou die pad dop,
gord die heupe vas;
monster alle kragte!

² Want die Here herstel
die trots van Jakob
soos wat die trots van Israel eers was,
al het verwoesters hulle verwoes
en hulle wingerdranke vernietig.

³ Sy helde se skilde is rooi,
die krygsmannegeslag is geklee in helderrooi,
op die strydwaens is vlammeende metaal.
Op die dag wat Hy voorberei het,
word die spiese dreigend gelig.

⁴ Oor die vlaktes jaag die strydwaens,
oor die ooptes storm hulle aan;
hulle lyk soos fakkels,
soos weerligstrale flits hulle verby.

⁵ Die koning se offisiere word opgeroep;
in gelid struikel hulle
in hulle haas om by die stadsmuur te kom.
Maar die stormram se skutdak is reeds opgerig.

⁶ Die stadspoorte by die rivier word oopgeruk,
die paleis wankel.

⁷ Op 'n wa gaan sy in ballingskap.
Sy word weggelei,
en haar slavinne kla soos duiwe,
terwyl hulle op hulle harte slaan.

⁸ Nineve was op haar dag
soos 'n waterdam,
maar nou stroom dit weg!
“Bly staan! Bly staan!”
Maar niemand draai om nie.

⁹ Plunder die silwer!
Plunder die goud!
Die voorraad is onuitputlik --
'n rykdom kosbare voorwerpe!

¹⁰ Verlatenheid, verwoesting, woesteny!
Harte krimp ineen, knieë knak,

alle heupe sidder, alle gesigte verbleek.

¹¹ Waar is die lêplek van die leeuwyfies,
die vreetplek van die jong leeus,
die plek waar die leeu, die maanhaar, rondgeloop het,
waar 'n leeu tuis was sonder dat iemand hom skrikmaak?

¹² Ja, waar is die leeu
wat genoeg verskeur het vir sy welpies,
doodgewurg het vir sy wyfies?

Hy het sy blyplekke gevul met buit,
sy lêplekke met verskeurde prooi.

¹³ “Dis Ek teen jou, Nineve!”

'n Uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte:

“Ek sal jou strydwaens in rook laat opgaan,
die swaard sal jou jong leeus eet,
wat jy gebuit het, sal Ek van die aarde vee.

Die stem van jou gesante sal nie weer gehoor word nie.”

3

Nineve word vernietig

¹ Ellende wag op die stad van bloed.

Sy is geheel en al net leuens,
van wat geroof is, is sy vol
en die rooftogte hou nie op nie!

² Die klank van swepe!
Die klank van wiele wat dreun!
Perde wat jaaggalop,
strydwaens wat bokspring.

³ Ruiters is op die voorpunt:

flitsende swaarde,
blitsende spiese!
'n Menigte gewondes,
'n magdom lyke,
eindeloos baie liggame --
hulle struikel oor hulle dooies!

⁴ Alles as gevolg van die hoerery van die prostituut,
die aanvallige meesteres van heksery,
wat nasies verkwansel het deur haar hoerery,
volksgroepe deur haar heksery.

- ⁵ “Dis Ek teen jou, Nineve!”
'n Uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte:
“Ek sal jou some oor jou gesig oplig;
Ek sal die nasies jou naaktheid laat sien,
 koninkryke jou skaamte.
- ⁶ Ek gaan vullis op jou uitgooi
en jou met minagting behandel.
Ek gaan van jou 'n toonbeeld van vernedering maak.
- ⁷ Dan sal elkeen wat jou sien,
 van jou af wegvlug
 en sê, ‘Nineve is verwoes!
 Wie sal meegevoel met haar hê?
 Waar sal ek iemand kry wat jou kan troos?’ ”
- ⁸ Is jy beter as No-Amon,
 gevestig aan die Nyl en omring deur water,
 wie se voormuur 'n see van water was,
 wie se stadsmuur ook water was?
- ⁹ Kus is talryk en ook Egipte,
Put en die Libiërs eindeloos in getal,
hulle was haar helpers.
- ¹⁰ Selfs sy was bestem vir ballingskap,
sy moes in gevangenskap gaan.
Ook háár kleuters is verbrysel
 op al die straathoeke.
Oor haar edelmanne is geloot,
al haar vername mense is met kettings geboei.
- ¹¹ Ook jy sal dronk word en in die war wees.
Ook jy sal 'n toevlugsoord teen vyande soek.
- ¹² Al jou vestings is vyebome met vroeë vye;
as die bome geskud word,
 val die vye in die eter se mond.
- ¹³ Kyk, die manskappe in jou midde
 is soos vrouens.
Vir jou vyande staan die poorte van jou land
 wawyd oop,
vuur het jou sluitbalke reeds verteer.
- ¹⁴ Skep maar vir jou water vir die beleg!
Versterk maar jou vestings!
Gaan kleigat toe en trap die klei!
Pak die steenvorm beet!

¹⁵ Daar sal die vuur jou verteer,
die swaard jou afmaai.
Dit sal jou verorber soos voetgangersprinkane.

Vermeerder maar soos voetgangersprinkane,
word maar so baie soos treksprinkane!

¹⁶ Jy het jou handelaars meer gemaak
as die sterre aan die hemel,
maar voetgangersprinkane vervel en vlieg weg!

¹⁷ Die mense aan jou hof is soos treksprinkane,
en jou amptenare soos 'n swerm sprinkane
wat op 'n koue dag op die mure sit:
As die son deurbreek, vlieg hulle weg.
Die plek waarheen hulle gaan, is onbekend.

¹⁸ Koning van Assirië,
jou herders slaap,
jou vername mense is ongestoord.
Jou manskappe is verstrooi oor die berge;
niemand bring hulle bymekaar nie.

¹⁹ Daar is geen herstel
vir jou ineenstorting nie.
Jou wond is ongeneeslik.
Almal wat die nuus oor jou hoor,
sal daaroor hande klap,
want wie het nie voortdurend
onder jou wreedheid deurgeloop nie?